

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING: DIE JOODSE DIASPORA NA TRANSVAAL

Die eerste blanke gemeenskappe in die Transvaal het hulle sedert 1839<sup>1</sup> in die omgewing van die Mooirivier waar die dorp Potchefstroom tot stand gekom het, ontstaan.<sup>2</sup> Na die Britse anneksasie van Natal in 1843 het meer Voortrekkers na Transvaal verhuis. Die groeiende blanke gemeenskap het dus aanvanklik hoofsaaklik uit emigrante van vanuit die Kaapkolonie, waarvan sommige eers in Natal gevestig was, bestaan. Ook buitelanders, soos Hollanders, Duitsers, Franse, Engelse, Jode en Portugese, het hulle kort hierna, en veral na die ontdekking van goud, by die nuwe Transvaalse gemeenskap aangesluit sodat 'n heterogene samelewing ontstaan het. Hulle het onder meer predikante, amptenare, onderwysers, handelaars, prospekteerders en fortuinsoekers ingesluit, sodat die geskiedskrywer, G. S. Preller, die gemeenskap as een met "'n kosmopolitiese tint" beskryf het.<sup>3</sup> Dié blanke immigrante het hulle in verskillende dele van Transvaal gevestig sodat daar in die vroeë vyftigerjare dorpe soos Zoutpansbergdorp, Andries Ohrigstad, Lydenburg en Rustenburg ontstaan het. Potchefstroom is as die "hoofstad" beskou.<sup>4</sup> Pretoria het in 1855 in die sentrale deel van Transvaal tot stand gekom nadat daar by die leiers in die Transvaalse gemeenskappe 'n behoefte ontstaan het "dat ons hoofstad meer in 't dikste midden van de bevolking mogte zijn, en niet op het uithoek waar het niet kan beschermd worden."<sup>5</sup> In 1860 het Pretoria die hoofstad van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) geword.<sup>6</sup>

<sup>1</sup> J. S. Bergh, Blanke vestiging tot ca. 1860. In J. S. Bergh (red.), *Geskiedenis atlas van Suid-Afrika: Die viern noordelike provinsies*, 1999, p. 129.

<sup>2</sup> F. Lion Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk in Nederland verhaald*, 1898, p. 271.

<sup>3</sup> G. S. Preller, *Ou Pretoria*, 1938, p. 77.

<sup>4</sup> F. Lion Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk in Nederland verhaald*, 1898, p. 271.

<sup>5</sup> S. P. Engelbrecht, Pretoria - Die eerste halfeeu. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer en H. P. H. Behrens (eds.), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad Pretoria*, 1955, pp. 1-2.

<sup>6</sup> *Ibid.*, p. 14; J. S. Bergh (red.), *Geskiedenis atlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies*, 1999, pp. 146-148.

Aanvanklik het Jode hoofsaaklik uit Wes-Europese lande soos Duitsland, Holland en Brittanje na Suid-Afrika geïmmigreer aangesien hulle hier 'n geleentheid gesien het om vryelik hulle ekonomiese potensiaal te ontwikkel.<sup>7</sup> Hierdie eerste *Westjuden*, (Westersgeoriënteerde Jode) was betreklik gesofistikeerd aangesien hulle reeds in industrieelgeoriënteerde samelewings met kulturele, tegnologiese en ekonomiese vooruitgang vertrou was. Teen die laat negentiende eeu het 'n groot aantal *Ostjuden*, (Oos-Europese Jode) uit sekere Russiesbeheerde gebiede, na Suid-Afrika uitgewyk toe sosio-politieke toestande aldaar vir hulle ondraaglik begin word het. Hierdie *Ostjuden* was hoofsaaklik uit landelike gebiede afkomstig waar hulle in betreklik *geslote* gemeenskappe gedwing is om te woon en met 'n ysterhand regeer is. Hulle was *anders*: Meer ortodoks en minder gesofistikeerd as hulle voorgangers.<sup>8</sup> Hierdie Joodse pioniers het ywerig meegehelp om hulle nuwe vaderland te ontwikkel en het sò 'n deel van die heterogene Transvaalse gemeenskap geword.<sup>9</sup> Maar in hierdie gemeenskap was daar min begrip vir die Joodse lewenstyl en die wyse waarop Jode deur die eeue heen, ondanks vervolgings en verspreidings, voortbestaan het. Daarbenewens was die Jode se ekonomiese vernuf oor die algemeen met 'n groot mate van afguns en agterdog bejeen en die moraliteit van hulle sukses bevraagteken.<sup>10</sup> Hulle *andersheid* het soms ook wantroue meegebring wat aanvanklik in Judeofobie, en later in anti-Semitisme,<sup>11</sup> gemanifesteer het.

Die Joodse Diaspora na Transvaal, ook verspreiding of *Galut* genoem,<sup>12</sup> het geleidelik 'n aanvang geneem toe 'n bekende Joodse smous, A. Coqui, wat vermoedelik van Belgiese afkoms was, reeds teen 1845 in Andries Origstad met die Boere handel gedryf het.<sup>13</sup> In 1854 het 'n seun van S. Marcus, 'n Kaapstadse Jood, hom in die Potchefstroomdistrik gevestig.<sup>14</sup> 'n Hollandse Jood, M. de

<sup>7</sup> G. Saron, Van immigrante tot Suid-Afrikaners. In *Buurman*, Desember 1979, p. 5.

<sup>8</sup> A. Helfet, Van 'uitlanders' tot Calvinia se Boerjode. In *Buurman*, Maart 1977 p. 9.

<sup>9</sup> D. L. Sowden, In the Transvaal till 1899. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, pp. 149-152.

<sup>10</sup> *Ibid*, p. 9.

<sup>11</sup> A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, 1941, p. 177.

<sup>12</sup> K. M. Olitzky and R. H. Isaacs, *A glossary of Jewish life*, 1991, p. 99.

<sup>13</sup> South African Board of Deputies (SAJBD), in Johannesburg argief: Herdruk uit *Die Volk*, 26 November 1943.

<sup>14</sup> D. L. Sowden, In the Transvaal till 1899. In G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955, p. 149.



Vries, het in 1867 na Pretoria verhuis waar hy aanvanklik as 'n tydelike staatsaanklaer werksaam was.<sup>15</sup> 'n Portugese handelaar van Joodse afkoms, B. P. Pereira, het reeds in 1873 'n advertensie in *De Volksstem* geplaas waarin hy sy besigheid beskryf het as die "oudste algemeen handelaar [in] Pretoria, wat alle soorte Negotie Goederen steeds voorhanden en teen die billykste pryzen aanbied....de hoogste pryzen worden gegeven voor alle soorten produkten."<sup>16</sup> Ander Joodse pioniers soos die Anglo-Jood, D. M. Kisch en C. J. Juta wat van Hollandse afkoms was, het daarna gevolg om ook in die ZAR nuwe wortels te vind.<sup>17</sup> Dit is moontlik dat daar vanweë die voorkoms van anti-Semitisme in die Europese lande, waar Jode dikwels genoodsaak was om die Christelike geloof aan te neem, Christen-Joodse "pioniers" na die ZAR verhuis het. 'n Voorbeeld is dié van H. T. Bührmann wat volgens die historikus, E. Rosenthal, van Joodse afkoms was.<sup>18</sup> Volgens 'n ander historikus, M. J. Swart, was Bührmann se voorouers uit Holland en Duitsland afkomstig en sou hy die "voorkoms van 'n Jood" en 'n sterk persoonlikheid gehad het.<sup>19</sup> Hy het teen 1848 in die Lydenburgse omgewing "als wetsagent, apotheker, winkelier en wat nog al" sy brood verdien en ook "van meet af aan had hij met ijver deelgenomen aan de vele politieke twisten,"<sup>20</sup> sodat hy as 'n geassimileerde Jood ten volle met die Boere geïdentifiseer en in die ZAR gewortel geraak het.

Die behoefte aan geworteldheid is een van die grootste dryfvere wat pioniers in nuwe gemeenskappe ondervind. 'n Joodse filosoof, S. Weil, beweer dat die behoefte aan "sosiale geworteldheid" tydens verhuising dikwels misken word, omdat "the disease of uprootedness"<sup>21</sup> wat pioniers meesal ervaar, nie begryp word nie. Weil verduidelik dat landsverhuising meebring dat "roots are wrenched from their setting, however inhospitable, and have to be transplanted to some

<sup>15</sup> L. Herrman, *A history of the Jews in South Africa: From the earliest times to 1895, 1935*, p. 235.

<sup>16</sup> *De Volksstem*, 26 September 1873.

<sup>17</sup> S. P. Engelbrecht, Pretoria - Die eerste halfeeu. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer en H. P. H. Behrens (eds.), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad Pretoria*, 1955, pp. 22-24.

<sup>18</sup> SAJBD argief: Artikel no. 304, E. Rosenthal, Jews in the Boer Republic: Some colourful personalities.

<sup>19</sup> M. J. Swart, Die aandeel van H. T. Bührmann in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1890. D. Phil Verhandelng, Universiteit van Pretoria, 1956, p. 15.

<sup>20</sup> P. J. van Winter, *Onder Krugers Hollanders: Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche poortweg-Maatschappij*, (Deel 1), 1937, pp. 48-49.

unknown land,"<sup>22</sup> sodat 'n gevoel van "uprootedness" of ontheemding gewoonlik voorkom.<sup>23</sup> Die Joodse pionier wat hom in Transvaal wou vestig, het reeds in sy ou omgewing 'n "sin vir plek" opgebou, waar hy biologies ontwikkel het, sosiaal en kultureel gestimuleer is en psigies mee geïdentifiseer het. Daar het hy tuis en geborge gevoel. Hierdie "plekidentiteit" wat hy reeds opgebou het, het dikwels meegebring dat hy heimwee ervaar het deurdat hy na sy mense by sy ou tuiste gehunker het wat die wyse beïnvloed het waarop hy in sy nuwe woonplek geborge gevoel het.<sup>24</sup>

Die Suid-Afrikaanse historikus, E. Bradlow, se mening sluit hierby aan as sy dit pertinent stel dat "an immigrant is, to a great extent, a person deprived of context. He or she arrives at a new destination with a conceptual and emotional framework under conditions specific to the old home and often completely alien to the new,"<sup>25</sup> sodat aanpassing by 'n nuwe omgewing gewoonlik traumaties ervaar word. Dit het meegebring dat Joodse pioniers hulle "sosiale wortels" in die ZAR opnuut moes vind en tuis moes voel om te verseker dat hulle identiteit behou kon word om 'n gevoel van vervreemding te voorkom.

Hierdie ervaring van ontworteling moes alle pioniers in Transvaal te bowe kom of hulle nou Jode, Voortrekkers, of ander "Uitlanders" was. Die kultuurhistorikus, G. S. Nienaber, verduidelik hoe alle pioniers in die beginjare in Transvaal 'n moeilike stryd gevoer het, want voordat daar rus en orde kon wees moes die omgewing vir bewoning geskik gemaak en beveilig word. Daarbenewens het oorloë met die inheemse bevolking ook daartoe bygedra dat die nuwe gemeenskappe se sekuriteit bedreig is deurdat die mans dikwels weg van die huis verkeer het.<sup>26</sup> Hierdie pioniers moes ook die uitdaging aanvaar om in 'n omgewing waar politieke- en kerklike twis kenmerkend van die alledaagse

<sup>21</sup> S. Weil, *The need for roots*, 1995, pp. 42-43.

<sup>22</sup> B. Sachs, *Mist of memory: An Autobiography*, 1973, p. 42.

<sup>23</sup> S. Weil, *The need for roots*, 1995, pp. 41-43.

<sup>24</sup> A. C. van Wyk, Die wyse waarop die woonervaring van woonstelbewoners in Laudium en Eersterust tot hulle lewensgehalte bydra. Ph. D.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1993, pp. 88-94.

<sup>25</sup> E. Bradlow, Beyond the ghetto. In *Jewish Affairs*, August, 1998, p. 9.

<sup>26</sup> G. S. Nienaber, Die Afrikaanse Kultuurstryd tot 1870. In A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en A. L. Geyer, (reds.), *Die Geskiedenis van Suid-Afrika (Deel 11)*, 1951, pp. 626-629.



leefwyse was, en bedryfseksonomie nog 'n vreemde begrip was, 'n nuwe gemeenskap te ontwikkel.<sup>27</sup>

## BRONNE EN HISTORIOGRAFIESE OORSIG

Die historiografie<sup>28</sup> oor Jode se belewenis van die toestande in Transvaal tot in 1910, toon verskillende kenmerke. Aanvanklik is beskrywende opstelle oor die Jode se ervarings gepubliseer met die doel om hierdie inligting vir die nageslag te bewaar en kohesie onder Jode te bevorder. Aan die einde van die negentiende eeu het 'n Joodse ingenieur, C. S. Goldman, reeds boeke oor die ontwikkeling van die goudmyne gepubliseer, maar hy het nie na enige Joodse kwessies verwys nie.<sup>29</sup> In die eerste helfte van die twintigste eeu was Joodse historici soos J. H. Hertz,<sup>30</sup> L. Herrman, G. Saron en L. Hotz, hoofsaaklik daarop ingestel om die kommunale oorsprong van die Jode, hulle aanpassing by die samelewing en bydraes tot die ekonomie in Suid-Afrika, te illustreer.<sup>31</sup> Daar is veral gefokus op die Joodse smous se bydrae tot die ontwikkelende ekonomie en hulle verhoudings met die Boeremense.<sup>32</sup> Maar Saron wou met Joodse geskiedskrywing veral anti-Semitisme bekamp sodat "[it] would show that instead of being a parasite, the Jew was an asset to this country."<sup>33</sup> Derhalwe wys die Joodse geskiedskrywers, M. Kaplan en M. Robertson, byvoorbeeld in hulle boek, *Jewish roots of the South African Economy*, hoe die Jode aan ekonomiese

<sup>27</sup> J. S. du Plessis, *Die Suid-Afrikaanse Republiek*. In C. F. J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse eskiedenis*, 1968, pp. 224-225.

<sup>28</sup> J. Mouton, *How to succeed in your Master's and Doctoral studies*, 2001, p. 48. In hierdie handleiding wys die outeur daarop dat 'n omvattende literatuurstudie noodsaaklike inligting oor die onderwerp wat bestudeer word, verskaf sodat "from the research idea to research problem" gevorder kan word.

<sup>29</sup> C. S. Goldman, *The financial, statistical and general history of the gold and other companies of the Witwatersrand, South Africa*, 1892; *South African mines: their position, results and development*, 1895-1896. Hierdie werk is tegnies van aard en fokus op die mynwese.

<sup>30</sup> J. H. Hertz, *The Jew in South Africa*. 1905.

<sup>31</sup> L. Herrman, *A history of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895*, 1935; G. Saron and L. Hotz, (eds.), *The Jews in South Africa*, 1955.

<sup>32</sup> M. Shain, 'Want to puy a vaatch'. In *Jewish Affairs*, September 1987, p. 111; T. Weil, Die smouskultuur van die Jode op die Suid-Afrikaanse platteland. In *Die Kultuurhistorikus*, November 1998, 13(2) pp. 13-21.

<sup>33</sup> G. Saron, *South African Jewry 50 years ago: Reflections on a pioneering work on our communal history*. In *Jewish Affairs*, April 1981, p. 73.

ontwikkeling deelgeneem en 'n dryfkrag daaraan verleen het.<sup>34</sup> Oor die leefwyse in die "krotbuurtes", soos in die Maleierkamp in Johannesburg waar talle Jode in armoedige omstandighede saam met mense van verskillende etniese groepe gewoon het, is min geskryf en inligting daaroor is net in enkele biografieë opgeneem.<sup>35</sup>

Die *South African Jewish Chronicle* (SAJC) het in 1902 onder die redakteurskap van L. L. Goldschmid, in Kaapstad verskyn en in 1905 is dié blad vanuit Johannesburg uitgegee. Die doel van hierdie tydskrif was om die Joodse immigrante se aanpassing in Suid-Afrika te vergemaklik en Sionisme, Joodse nasionalisme, te bevorder.<sup>36</sup> Transvaalse koerante soos *The Star*, *The Standard and Diggers' News*, *The Pretoria News*, *De Volksstem* en *Land en Volk* het gereeld berigte gepubliseer waarin Joodse aktiwiteite in Transvaal aandag geniet het.<sup>37</sup> Sionisme is veral bevorder deur buitelandse gebeure waaroor in die koerante verslag gedoen is en waar anti-Semitisme 'n rol gespeel het, soos wat die Dreyfus-skandaal in die laat negentiende eeu in Frankryk getoon het.<sup>38</sup>

In 1929 is *The South African Jewish Year Book*, onder die redaksie van M. de Saxe en I. M. Goodman, uitgegee. Besonderhede oor individuele Joodse pioniers en hulle leefwyse is daarin opgeteken. 'n Voorbeeld is 'n hoofstuk waarin die veelsydige Joodse skrywer, verslaggewer en geskiedkundige, Rosenthal, 'n aantal Joodse goudpioniers in die "Uitlanderdom"-gemeenskap beskryf en daarop gewys het dat die gemeenskap aanvanklik totaal en al "devoid

<sup>34</sup> M. Kaplan and M. Robertson, *Jewish roots of the South African Economy*, 1986.

<sup>35</sup> B. Sachs, *Mist of memory: An autobiography*, 1973, pp. 51-92.

<sup>36</sup> E. Bradlow, Beyond the ghetto. In *Jewish Affairs*, August 1998, p. 9.

<sup>37</sup> *The Star* van 6 Mei 1895 gee byvoorbeeld 'n oorsig oor die werksaamhede van die *Chevra Kadisha*, die Joodse welsynsvereniging (*Helping hand*) en die *Chevra Bikkur Cholim*, die Joodse Begrafnisvereniging.

<sup>38</sup> *The Star*, 19 Januarie 1895 berig onder die opskrif *The Dreyfus Scandal*, hoe die Joodse-Franse offisier hoewel onskuldig, wel skuldig bevind is aan spionasie. Hierdie gebeure het tot die totstandkoming van die Zionistebeweging aanleiding gegee, waarvan 'n tak ook in Johannesburg gestig is soos wat *The Standard and Diggers' News* van 13 Junie 1898, berig. Die herverhoor van Dreyfus het wye aandag geniet soos dit in *The Pretoria News* van 12 Augustus, 28 September, en 30 November 1898 gerapporteer is; M. Arkin, *The Dreyfus affair in context*. In *Jewish Affairs*, Summer, 1994, pp. 59-63; M. Shain, 'n Eeu van Joodse stryd. In *Insig*, Desember 1977, p. 22.



of anti-Semitism" sou wees.<sup>39</sup> Die verhaal van die Joodse Diaspora in Suid-Afrika is op 'n besondere wyse deur Herrman in 1935 in sy boek *The history of the Jews in South Africa* aangebied. Hierdie outeur fokus egter hoofsaaklik op Jode in die Kaapkolonie en Natal en wy slegs een hoofstuk aan die ontwikkeling van die Joodse gemeenskappe waar goud in Transvaal ontgin is.<sup>40</sup> In 1955 het Saron en Hotz se bundel getiteld *The Jews in South Africa: A history* verskyn, waarin verskillende outeurs beskrywings gee van die wyse waarop Joodse immigrasie en vestiging in Suid-Afrika plaasgevind het. Ses hoofstukke in hierdie versameling behandel aspekte wat Transvaalse Jode raak. Die leefwyse by die goudmyne, die Jode se verhouding met die Boere en Uitlanders en die Jode se betrokkenheid by Sionisme, geniet veral aandag.<sup>41</sup>

Artikels in tydskrifte handel oor 'n wye verskeidenheid aspekte van die sosiale werklikheid in Transvaal. Die *Zionist Record* het byvoorbeeld verskeie artikels aan Joodse pioniers gewy wat lig werp op die uitdagings wat hulle die hoof moes bied ten einde te ontsnap aan die armoede en swaarkry wat hulle in sekere dele van Europa en Rusland moes verduur.<sup>42</sup> Die Litause Jode se motivering om na Suid-Afrika te kom, word byvoorbeeld deur 'n Joodse skrywer, A. Newman, in die tydskrif *Jewish Affairs*, verduidelik.<sup>43</sup> 'n Jodin, Bertha Goudvis (née Cinamon), wat as joernalis, skrywer en dramaturg uitgeblink het, se artikel in *Jewish Affairs* getiteld *Some early reminiscences of South African Jewish life*, lig die sluier oor die Joodse leefwyse op die goudvelde in Oos-Transvaal.<sup>44</sup> In die tydskrif *Buurman*,

<sup>39</sup> E. Rosenthal, The Jewish gold pioneers. In M. de Saxe and I. M. Goodman (eds.), *The South African Jewish Year Book*, 1929, pp. 81-95.

<sup>40</sup> L. Herrman, *A history of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895*, 1935, pp. 249-256.

<sup>41</sup> G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa*, 1955, pp. 138-297.

<sup>42</sup> SAJBD argief: E. Rosenthal, A famous Jewish pioneer of South Africa - Isaac Sonnenberg. In *The Zionist Record*, September, 1939, pp. 57-65; SAJBD argief: M. Mann, The founders of Rosettenville: A family of pioneers. In *The Zionist Record*, October 16, 1946, pp. 19-26; R. Norwich, Jewish woman in early Johannesburg. In *Jewish Affairs*, Winter 1993, pp. 89-152.

<sup>43</sup> A. Newman, Why did our Lithuanian grandparents come to South Africa? In *Jewish Affairs*, Winter 1994, pp. 9-12.

<sup>44</sup> B. Goudvis, Some early reminiscences of South African Jewish life. In *Jewish Affairs*, April 1956, pp. 20-25.

beskryf 'n Joodse skrywer, J. Brauer, hoe Vrystaatse Jode tydens die Anglo-Boereoorlog die Transvaalse owerheid ondersteun het.<sup>45</sup>

Besondere Joodse prestasies is ook beskryf: Joodse volstruisboere, J. Mosenthal en J. E. Hartig, het byvoorbeeld 'n handleiding vir boere oor die volstruisbedryf gepubliseer wat ook in die ZAR gebruik kon word. Die groothandelsfirma Mosenthals se unieke ontwikkeling as ondernemers is ook geboekstaaf.<sup>46</sup> 'n Joodse akademikus, M. Arkin, sluit in sy bundel getiteld *South African Jewry*, artikels in waarin die outeurs moderne Jode se betrokkeheid by onder andere die ekonomie, kultuurlewe, politiek en sport in die Suid-Afrikaanse gemeenskap beskryf.<sup>47</sup> Ander Joodse historici, M. Kaplan, S. Kaplan en M. Robertson, gee in hulle boek *From Shtetl to Steelmaking* 'n interessante kultuurhistoriese oorsig oor die ontwikkeling van die staalbedryf.<sup>48</sup>

Nog voorbeelde van algemene bronne is dagboeke en reisbeskrywings wat Jode nagelaat het en waarin eerstehandse inligting oor gebeure tydens die vroeë ontwikkelingsjare weergegee word. Die eerste Joodse dagboek/reisbeskrywing wat verskyn het, was dié van die jong N. Isaacs wat in 1836 gepubliseer is. Hierdie merkwaardige werk handel oor die outeur se besondere verhouding met die Zulukonings, Sjaka en Dingane. Hierin beskryf Isaacs eienskappe van die kulturele gebruike van die Zoeloevolk met wie die Voortrekkers in noue interaksie verkeer het.<sup>49</sup> Hierdie werk se geloofwaardigheid is egter onlangs deur die resensent, G. Cumminskey, bevraagteken toe hy die akademikus, D. Wylie se boek *Savage Delight: White myths*, geresenseer het.<sup>50</sup>

<sup>45</sup> J. Brauer, Hulle het die Vrystaatse Republiek gedien. In *Buurman*, Junie 1980, pp. 18-21.

<sup>46</sup> J. Mosenthal and J. E. Hartig, *Ostriches and ostrich farming*, 1877; Mosenthal and Co., *The house of Mosenthal: a brief history of a century of progress*, 1954.

<sup>47</sup> M. Arkin (ed.), *South African Jewry: A contemporary survey*, 1984. Arkin verwys ook na die eerste vier volumes van die *Dictionary of South African Biography*, wat tussen 1968-1981 verskyn het en waarin data oor talle prominente Jode saamgevat is, p. 186.

<sup>48</sup> M. Kaplan, S. Kaplan and M. Robertson (eds.), *From Shtetl to Steelmaking*, 1973.

<sup>49</sup> N. Isaacs, *Travels and adventures in Eastern Africa. Descriptive of the Zoolus, their manners, custom, etc. etc. with a sketch of Natal*, 1836. Volume 1 and 11 edited by L. Herrman 1936.

<sup>50</sup> G. Cumminskey, Scholarly work reveals that almost nothing is known of Shaka. In *The Sunday Independent*, 3 December, 2000. Cumminskey verwys na D. Wylie, *Savage Delight: White myths*, wat beweer dat Isaacs moontlik omdat hy beswaarlik geletterd was, die inligting aan 'n spookskrywer wat nooit in Natal was nie, oorgedra het sodat die betroubaarheid van Isaacs se inligting bevraagteken word.



'n Joodse handelaar, E. Cohen, wat ook die verteenwoordiger van die Portugese owerheid in die ZAR was, en as die *Viscount of Matalha* bekend was, se biografie het in 1901 verskyn waarin hy veral oor sy aandeel aan die bou van die spoorlyn vanaf Mosambiek na Transvaal verslag gedoen het.<sup>51</sup> Vooraanstaande Jode soos H. Graumann, D. Harris en L. Philips, wat elkeen besondere rolle as entrepreneurs en politici in Kimberley en later veral in Johannesburg gespeel het en ook tot ridders geslaan is, het hulle herinnerings in boekvorm uitgegee.<sup>52</sup> 'n Fortuinsoeker en satirikus, L. Cohen, het sy herinneringe oor die ontwikkeling van die Witwatersrand geboekstaaf, waarin hy sosiale kritiek oor bekende Jode gelewer het en besondere gebeurtenisse beskryf het.<sup>53</sup> Meer resente publikasies handel oor bekende Joodse persoonlikhede soos die industrialis, F. Bradlow, 'n gemeenskapsleier, M. Raphaely, en L. Searelle, 'n bekende in die vermaaklikheidsbedryf.<sup>54</sup>

Verwysings na Jode kom algemeen in die letterkunde voor. Hierdie bronne is soms baie subjektief gekleur sodat dit relatief min waarde vir wetenskaplikes inhou, behalwe as barometers van historiese bewussyn gedurende die spesifieke tydperk toe dié werke geskryf is. Suid-Afrika se eerste Engelssprekende skryfster van naam, Olive Schreiner, was een van die eerstes wat Jode in prosa geskets het. Schreiner wat self één Joodse grootouer gehad het, was gesteld op haar afkoms en het met trots na haar "Joodse voorkoms", verwys.<sup>55</sup> Tenspyte hiervan het sy aanvanklik min empatie met Jode gehad toe sy een van die hoofkarakters in haar prosawerk *From Man to man*, 'n Joodse geldlener, as 'n onaangename ryk en sensuele tipe beskryf het.<sup>56</sup> Maar tydens Schreiner se studies in Europa het sy begrip verkry vir die "Joodse vraagstuk." In haar *A letter on the Jew* het sy in 1906 die vertroue uitgespreek dat die Jood in Suid-Afrika

<sup>51</sup> E. Cohen, *Viscount of Matalha*, 1901.

<sup>52</sup> D. Harris, *Pioneer, soldier and politician*, 1931; H. Graumann, *Rand riches and South Africa*, n.d.; L. Phillips, *Some reminiscences*, 1924.

<sup>53</sup> L. Cohen, *Reminiscences of Kimberley*, 1911; *Reminiscences of Johannesburg and London*, 1976.

<sup>54</sup> A. Goldberg, Frank Barlow - fully rounded personality. In *Jewish Affairs*, September 1982, pp. 71-74; M. Kaplan, Raphaely-Saga. In *Buurman*, Junie-Augustus, 1982, pp. 20-24; P. Baneshik, The riddle of Luscombe Searelle. In *Jewish Affairs*, March/April 1989, pp. 41-42.

<sup>55</sup> K. Schoeman, *Olive Schreiner. 'n Lewe in Suid-Afrika 1855-1881*, 1989, pp. 16, 393, 532.

<sup>56</sup> E. Bernstein, South Africa's first great writer. In *Jewish Affairs*, April 1955, p. 17.

"will not belie his history in the past."<sup>57</sup> Sy het die mening gehuldig dat Jode hulle talente moet gebruik om hulle nasionale lewenswyse voort te sit sodat die nageslag na hulle as Suid-Afrikaners, maar ook as Jode, sou kon verwys. In sy artikel *The Jew in South African Literature*, beskryf 'n akademikus, S. A. Rochlin, die verskillende publikasies wat tot en met 1929 verskyn het.<sup>58</sup>

Soos Schreiner, het die Afrikaanssprekende politikus, A. H. Jonker, in sy boek *Israel die sondebok*, wat in 1940 verskyn het en in 1941 in Engels uitgegee is, die dilemma waarin die Jode verkeer het, ernstig aangespreek. Jonker wys daarop dat Jode vir eeue lank as sondebokke gebrandmerk is en vir alle probleme wat in gemeenskappe voorgekom het, verantwoordelik gehou is. Hy verduidelik dat die "Joodse vraagstuk" hoofsaaklik polities en ekonomies gefundeer is, maar dat die gepaardgaande Jodehaat 'n psigologiese fenomeen is wat veral onder sekere nie-Jode voorkom.<sup>59</sup> Jonker wy voorts ook een hoofstuk aan die Jode in Suid-Afrika waarin hy 'n algemene beskrywing gee van die wyse waarop Jode by die ontwikkeling van die handel, boerdery, mynwyse en industrieë betrokke was. Hy het ook kortliks na die besondere rol van talle Jode tydens die Anglo-Boereoorlog verwys.<sup>60</sup>

Daarbenewens het sekere Jode soos, J. Lion Cachet en Olga Kirsch, bydraes tot die Afrikaanse digkuns<sup>61</sup> en letterkunde gemaak.<sup>62</sup> 'n Eienaar van 'n pandjieswinkel, C. Baneshik, en 'n Joodse kleinhandelaar, M. Davidson, gee met beskrywings van hulle Joodse kliënte elk 'n sosiale beeld van die leefwêreld van Joodse handelaars weer.<sup>63</sup> Hierdie skrywers het min aandag aan swaarkry gegee, hulle het immers vrede en vryheid verkry en wou die verlede agterlaat en net hulle belewenisse in Suid-Afrika boekstaaf.<sup>64</sup> 'n Joodse denker, B. Steinberg, beweer dat "historians have often depicted Jews as the "objects" rather than the

<sup>57</sup> O. Schreiner, A letter on the Jew. In *Jewish Affairs*, August 1976, pp. 6-11.

<sup>58</sup> S. A. Rochlin, The Jew in South African literature. In M.de Saxe and I.M. Goodman (eds.), *The South African Jewish Year Book*, 1929, pp. 237-247.

<sup>59</sup> A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, 1941, p. 187.

<sup>60</sup> *Ibid.*, pp. 55-81.

<sup>61</sup> In Junie 1971 publiseer *Buurman* twee gedigte van Olga Kirsch, p. 38.

<sup>62</sup> I. Pinshaw, Afrikaner-Jode of Joodse Afrikaners? - oor die Jode se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde. In *Buurman*, Junie 1975, pp. 16-19.

<sup>63</sup> C. Baneshik, *Reminiscences of a pioneer pawnbroker*, 1942; M. Davidson, *My Jewish clients*, 1954.

<sup>64</sup> M. Shain, *The roots of antisemitism in South Africa*, 1994, p. 2.



"subjects" of history,"<sup>65</sup> wat 'n algemene tendens by minderheidsgroepe is.<sup>66</sup> Die historikus, R. M. Krut, is van oordeel dat hierdie eerste kategorie geskiedskrywing meer "*celebratory rather than critical*" is en dat spanning wat aangevoel is onder die mat in gevee is. Sy wys daarop dat die vooruitgang van sekere Jode aanvanklik baie opgehemel is en die sosiale werklikhede van swaarkry en stigmatisering nie genoeg beklemtoon is nie, met ander woorde daar is op materiële welvaart, ten koste van sosiale welsyn gefokus. Hiermee het hierdie skrywers konflik geminimaliseer en die goeie verhouding tussen die Jode en *Gentiles* of te wel nie-Jode, soos die bevolking in Transvaal gemaksimaliseer. As daar in ag geneem word dat daar tydens die jare 1896-1906 'n depressie geheers het, dat daar vanaf 1899-1902 'n oorlog gewoed het, en dat Transvaal nog dun bevolk en onderontwikkel was, is dit vanselfsprekend dat Joodse pioniers, net soos alle ander pioniers, geen maklike oorlewingstaak gehad het nie. Maar die armoede en swaarkry van hierdie ontwortelde Joodse pioniers het steeds min aandag geniet.<sup>67</sup>

'n Tweede tendens in die historiografie van die Jode in Transvaal word deur 'n "nuwe generasie" historici soos M. Shain,<sup>68</sup> C. van Onselen,<sup>69</sup> R. Mendelsohn<sup>70</sup> en D. Y. Saks,<sup>71</sup> beoefen. Hulle is professionele historici wat meer objektief ingestel is sodat hulle nie die feit negeer dat armoede, kriminele gedrag en rassisme, overt of kovert, van vroeg af voorgekom het nie. Hierdie akademici ontken nie die talle voordele wat die Jode in Suid-Afrika ervaar het nie, en is meer krities ten opsigte van Joodse lewensgehalte ingestel. Hulle beweer ook dat die Joodse smous, waarvan die "Wandelende Jood" die argetipe is, later nie meer verheerlik is nie, maar as 'n "figure of fun" beskryf word wat graag harde

<sup>65</sup> B. Steinberg, *Understanding ourselves*. In *Jewish Affairs*, August 1972, p. 88.

<sup>66</sup> K. L. Harris, *A history of the Chinese in South Africa to 1912*. D. Litt. Et Phil- Thesis Unisa, 1998, p. 12.

<sup>67</sup> R. M. Krut, *The making of a South African Jewish community in Johannesburg, 1886-1914*. In B. Bozzoli, *Class, community and conflict: South African Perspectives*, 1987, pp. 137-159.

<sup>68</sup> M. Shain, *The roots of antisemitism in South Africa*, 1994.

<sup>69</sup> C. van Onselen, *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand 1886-1914*, (Vol.1), 1982.

<sup>70</sup> R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991.

<sup>71</sup> D. Y. Saks, *Right-hand man of Mahatma, Hermann Kallenbach, Ghandi and Satyagraha*. In *Jewish Affairs*, August 1998, pp. 45-49.

werk wou vermy,<sup>72</sup> sodat 'n negatiewe stereotipe van die Joodse smous ontstaan het. Dit het die probleem van anti-Semitisme aangedui wat Shain in sy doktorsale verhandeling aanspreek.<sup>73</sup> Die wyse waarop stereotipering reeds van vroeg af voorgekom het en die uitwerking wat dit op die Joodse gemeenskap gehad het, word deur Shain in sy boek "*The roots of antisemitism in South Africa*", verder omskryf. Volgens Shain bestaan daar geen twyfel dat stereotipes oor die Jode se "andersheid" met verloop van tyd in Suid-Afrika ontstaan het nie.<sup>74</sup> Krut verwys ook na Joodse stereotipes en spreek die mening uit dat stereotipering deur die intelligensia geïnisieer is, veral deur Engelssprekendes wat die goudvelde ontwikkel het.<sup>75</sup> Daarbenewens het die navorser, B. M. Titlestad, in 1991 in sy M. A.-verhandeling gefokus op die gebruik van Jode om vernederende ondernemings soos eethuise vir swartmense, te bedryf. Titlestad verwys na die opvatting dat "a man who is content to serve food for kaffirs cannot expect to rank any higher than a kaffir, for what self-respecting white man should wait on a native at a table?"<sup>76</sup> 'n Akademikus aan die Universiteit van Witwatersrand, J. Sherman, sluit by Titlestad se bevindings aan en beweer dat "kaffir eating houses...[by] dispised Jews" bedryf is. Hy grond sy bewering op verhaale wat in die Jiddisje letterkunde<sup>77</sup> opgeneem is.<sup>78</sup> Meer onlangs het Joodse outeurs soos Bradlow en T. Fleisher die swaarkrydae en ontberings van Jode geskets soos dit tydens hulle reis vanaf Oos-Europa na Suid-Afrika ervaar is.<sup>79</sup>

<sup>72</sup> M. Shain, 'Vant to puy a vaatch'. In *Jewish Affairs*, September 1987, pp. 111-128.

<sup>73</sup> M. Shain, *The foundations of Anti-Semitism in South Africa*. Ph.D- Thesis, University of Cape Town, 1990.

<sup>74</sup> M. Shain., *The roots of antisemitism in South Africa*, 1994, p. 2; In *Beeld*, 31 Oktober 1999 het die teoloog, A. du Toit, in sy artikel Jode tans, in Bybel, die stelling gemaak dat anti-Semitisme nog lank nie dood is nie, en dat daar deur die eeue heen iets misterieus aan die Joodse volk kleef.

<sup>75</sup> R. M. Krut, *The making of a South African Jewish Community in Johannesburg, 1886-1914*. In: B. Bozzoli, *Class, community and conflict: South African Perspectives*, 1987, pp. 137-159.

<sup>76</sup> B. M. Titlestad, *Eating-Houses on the Witwatersrand 1902 -1979*. M. A. Thesis, University of the Witwatersrand, 1991, p. 135.

<sup>77</sup> J. Sherman (ed.), *From a land far off: A selection of South African Yiddish stories*, 1987.

<sup>78</sup> J. Sherman, *Serving the natives: Whiteness as the price of hospitality in South African Yiddish literature*. In *Journal of South African studies (Great Britain)*, 26(3), 2000, pp. 505-521.

<sup>79</sup> E. Bradlow, *Exploiting the Defenceless*. In *Jewish Affairs*, Winter, 1994, pp. 19-20; T. Fleisher, *An early Jewish vision of South Africa*. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, pp. 58-60; A. Newman, *Why did our Lithuanian grandparents come to South Africa?* In *Jewish*



'n Verskeidenheid onderwerpe binne die breër tema van die Jode se belewenis in Transvaal word in ander nagraadse studies behandel. N. van der Walt het in 1944 'n M. A.-verhandeling oor die dinamiet monopolie ingedien, wat die veelbesproke konsessie wat deur E. Lippert gehou is, ondersoek het.<sup>80</sup> 'n Ander historikus, M. J. Swart, het in 'n doktorsale verhandeling in 1956 op die aandeel gewys wat Bührmann in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek gehad het.<sup>81</sup> Nog 'n historikus, L. J. Twyman, het in 1965 Jode se ondernemingsgees en optrede in haar M. A.-verhandeling getiteld "Paul Kruger en Johannesburg" ondersoek.<sup>82</sup> 'n Joodse historikus, S. Aronstam, se M. A.-verhandeling van 1967 het die ontstaan en ontwikkeling van Joodse welsynswerk in Suid-Afrika beskryf.<sup>83</sup> 'n Ander Jood, S. G. Cohen, se M. A.-verhandeling in 1977 oor Jode in Durban, het ook inligting ingesluit oor probleme wat Transvaalse-vlugteling Jode in Durban ten tye van die Anglo-Boereoorlog ervaar het.<sup>84</sup> Die navorsing van M. E. Katz, werp in 1980 lig op die uitdagings wat met die ontwikkeling van Joodse onderwys in Suid-Afrika vanaf 1841-1980 ondervind is.<sup>85</sup> 'n Historikus, D. Cammack, verskaf in haar doktorsale proefskrif van 1983 besondere waardevolle inligting oor die Uitlanders in Johannesburg en hulle belewenis van die Anglo-Boereoorlog.<sup>86</sup> Daarbenewens het Krut se doktorsale verhandeling van 1985 op die ontwikkeling van die Johannesburgse Joodse gemeenskap gefokus.<sup>87</sup> Die bekende Joodse akademikus, R. Norwich, het in 1988 met haar navorsing die

*Affairs*, Winter, 1994, pp. 9-12; G. Schrire, In the belly of the whale: The journey to South Africa 1880-1910. In *Jewish Affairs*, Winter 1994, pp. 13-18.

<sup>80</sup> N. van der Walt, Die dinamiet monopolie. Sy ontstaan en ontwikkeling vanaf 1881 tot 1892. M. A.-Verandeling, Universiteit van Pretoria, 1944.

<sup>81</sup> M. J. Swart, Die aandeel van H. T. Bührmann in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1890. D. Phil.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1956.

<sup>82</sup> L. J. Twyman, Paul Kruger en Johannesburg. M. A.-Verhandeling. Universiteit van Potchefstroom vir Christelike Hoër Onderwys, 1965.

<sup>83</sup> S. M. Aronstam, The historical development of Jewish welfare in the Republic of South Africa, M. A. Thesis, University of the Orange Free State, 1967.

<sup>84</sup> S. G. Cohen, A history of the Jews in Durban, 1825 - 1918. M. A. Thesis, University of Natal, Durban, 1977.

<sup>85</sup> M. E. Katz, The history of Jewish education in South Africa, 1841-1980. Ph. D. Thesis, University of Cape Town, 1980.

<sup>86</sup> D. R. Cammack, Class, politics and war: A socio-economic study of the Uitlanders of the Witwatersrand, 1897-1902. Ph. D. Thesis, University of California, 1983 is in 'n boekvorm uitgegee onder die titel *The Rand at war 1899-1902*, 1990.

<sup>87</sup> R. M. Krut, Building a home and a community: Jews in Johannesburg, 1886-1914. Ph. D. Thesis, University of London, 1985.

funksies en bou van sinagoges in Johannesburg en Pretoria, beskryf.<sup>88</sup> Daarbenewens het die museumkundige, A. Malan, se M. A.-verhandeling getiteld: "The use of historical photographs as source for cultural history: Sammy Marks photographic collection", van 1996, in meer besonderhede op Marks se gesins- en lewenswyse gefokus.<sup>89</sup> Meer reser, het T. Weil, in 'n M. A.-verhandeling van 2000, die inskakeling van Jode by die Afrikaanse gemeenskap op die Kaapse platteland, vanaf 1880-1950 beskryf.<sup>90</sup>

Daar is ook beskrywende studies wat na die Jode in spesifieke stede en streke verwys wat die kultuurhistorikus in staat stel om 'n beeld te vorm van die leefwyse van vervloë dae. In 1949 het 'n Joodse skrywer, A. S. Bernstein, die geskiedenis van die Joodse gemeenskap in Germiston beskryf.<sup>91</sup> 'n Ander Jood, F. Behrman, het in 1961 die gemeenskap in Johannesburg breedvoerig geskets.<sup>92</sup> Die opvatting oor die wyse waarop Johannesburg sy naam verkry het, word in 1974 ernstig deur die Joodse denker, N. Hirschson, bevraagteken.<sup>93</sup> In sy *Doornfontein memory*, het nog 'n Joodse skrywer, B. Levinson, in 1975 die Jiddisje leefwyse in hierdie klein gemeenskappie beskryf en daarop gewys dat die plek hom aan 'n *shtetl*, 'n dorpie in Lithaue, herinner het.<sup>94</sup> In 1976 het die skrywer, P. Meiring, die "Story of Barberton" beskryf waar talle Jode by mynboubedrywighede en dorpsontwikkeling betrokke was.<sup>95</sup> 'n Jodin, J. Katz, en haar medewerkers het in 1987 die opgang van die Joodse gemeenskap in die ontwikkelende Pretoriase omgewing tot in 1930, beskryf.<sup>96</sup> Daarbenewens het die historici, M. Kaplan and M. Robertson, se bundel *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915*, wat in 1991 verskyn het, verskillende aspekte van die Jode se leefwyse in Johannesburg sò omvattend behandel dat dit 'n

<sup>88</sup> R. Norwich, *Synagogues on the Witwatersrand and Pretoria before 1932, - their origin and function*. M. Arch. Thesis, University of Witwatersrand, 1988.

<sup>89</sup> A. Malan, "The use of historical photographs as source for cultural history: Sammy Marks photographic collection". M. A. Thesis, University of Pretoria, 1996.

<sup>90</sup> T. Weil, *Die inskakeling van die Jode by die Afrikaanse gemeenskap op die platteland van 1880 tot 1950*. M. A.-Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2000.

<sup>91</sup> A. S. Bernstein, *Germiston Jewry: communal history*, 1949.

<sup>92</sup> F. Behrman, *My 50-odd years in Johannesburg*, 1961.

<sup>93</sup> N. Hirschson, *The naming of Johannesburg: An historical commentary*, 1974.

<sup>94</sup> B. Levinsohn, *A Doornfontein memory*. In *Jewish Affairs*, April 1975, pp. 29-32.

<sup>95</sup> P. Meiring, *Dynamite and daisies: The story of Barberton*, 1976.

<sup>96</sup> J. Katz (ed.), *The story of the Pretoria Jewish Community up to 1930*, 1987.



besondere waardevolle kultuurhistoriese bron is.<sup>97</sup> Algemene bronne soos dié van die historikus, G. Wheatcroft, wat in 1993 verskyn het en oor *Randlords* handel, identifiseer Joodse *Randlords* en beskryf hulle besondere aandeel as deel van die "Uitlandergroep", by die ontwikkeling van die mynbedryf.<sup>98</sup>

Die berigte en briewe wat in 1889 deur die eerste Jiddisje joernalis in Suid-Afrika, N. D. B. Hoffman,<sup>99</sup> na Europa gestuur is, en wat in Oos-Europese koerante soos *Hamelitz* verskyn het, is 'n waardevolle bron van inligting oor sy ervarings en waarnemings. Hierdie brontipe en die benutting daarvan deur historici, kan as nog 'n tendens in die historiografie oor die Jode in Suid-Afrika beskou word. Hierdie briewe en ander soortgelyke berigte het die historikus, M. P. Grossman, in Engels uit Hebreeus en Jiddisj vertaal en in 1973 in 'n Ph. D.-proefskrif verwerk. Hieruit kan die ervarings van Joodse immigrante in Suid-Afrika afgelei word sodat 'n algemene begrip gevorm kan word van hulle lewensgehalte en die wyse waarop hulle aangepas het.<sup>100</sup>

Biografieë oor Jode soos byvoorbeeld dié oor A. Beit,<sup>101</sup> 'n prominente persoonlikheid in die mynbedryf in Johannesburg, gee aan die kultuurhistorikus 'n besondere insig in sy aandeel in die ontwikkeling van die Witwatersrand. Inligting oor die lewe en werk van A. H. Nellmapius en sy verhouding met staatspresident Paul Kruger is in 1978 deur 'n historikus, H. Kaye, in 'n boek opgeneem. Hierdie werk gee 'n omvattende beskrywing van Nellmapius se ervarings en ondernemings in Transvaal van 1873 tot met sy dood in 1893.<sup>102</sup> Daarbenewens is die lewensbeskrywing van die mynbaas, B. Barnato, wat ook 'n politikus, verhoogkunstenaar, bokser en entrepreneur was, deur verskillende outeurs aangebied.<sup>103</sup> In 1977 het 'n skrywer, T. Gregory, op 'n betekenisvolle

<sup>97</sup> M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991.

<sup>98</sup> G. Wheatcroft, *The Randlords: The men who made South Africa*, 1993.

<sup>99</sup> S. Liptzin, Pioneer Yiddish writers of South Africa. In *Jewish Affairs* Septemeber 1968, p. 53.

<sup>100</sup> M. P. Grossman, A study of the trends and tendencies in Hebrew and Yiddish writings in South Africa since their Beginnings in the Early Nineties of the Last Century to 1930, (3 volumes). Unpublished Ph. D. Thesis, University of the Witwatersrand, 1973.

<sup>101</sup> G. S. Fort, *Alfred Beit: A study of the man and his work*, 1932 ; A. Beit and J. G. Lockheart, *The will and the way*, 1957.

<sup>102</sup> H. Kaye, *The tycoon and the President: The life and times of Alios Hugo Nellmapius, 1847- 1893*, 1978.

<sup>103</sup> H. Raymond, *B. I. Barnato: A memoir*, 1897; R. Levinsohn, *Barney Barnato: From*

wyse die soeklig op die groot mynmagnaat en entrepreneur, E. Oppenheimer, laat val.<sup>104</sup> Die bekende regsgeleerde, M(anfred) Nathan, het oor die Jode se belewenis kommentaar gelewer en dit onder andere beskryf as "Not heaven itself."<sup>105</sup> Georgina Jaffee se "family memoir" beskryf die lewensgeskiedenis van Joffe Marks, 'n besondere entrepreneur, wat as 'n smous begin het en uiteidelik die bekende *Premier Milling Company*, tot stand gebring het.<sup>106</sup>

'n Meer resente publikasie wat gebaseer is op deeglike navorsing van private argivale bronne wat voorheen nie beskikbaar was nie, het ook die lig gesien. Die Kaapse historikus, Mendelsohn, het in 'n studie wat in 1991 onder die titel "*Sammy Marks: "The uncrowned king of the Transvaal"*,"<sup>107</sup> verskyn het, die lewensverhaal van Marks, in al sy fasette geskets. Die historikus, C. de Jong, fokus in 'n resensie op die belangrike inligting wat in hierdie biografie vrygestel is oor die rol van Marks veral tydens die ontwikkeling van die Transvaalse gemeenskap. Min was voorheen hieroor weens Marks se koverte ingesteldheid, bekend.<sup>108</sup> Verskeie ander resensente het op die waarde van hierdie biografie gefokus en die relevansie daarvan vir kultuurhistorici beklemtoon. 'n Akademikus van die Universiteit van Kaapstad, M. Irvine, verwys na die wyse waarop Marks se biografie bydra om historiese navorsing 'n meer innoverende en uitdagende taak te maak.<sup>109</sup> Die Kanadese historikus, A. H. Jeeves, beweer dat hierdie werk oor die "life and times [of Marks] is undoubtedly a major study...Marks' career throws crucial light on the processes which transformed South Africa from an agrarian to an industrial society," waaroor min inligting andersins gepubliseer is.<sup>110</sup> 'n Sosiaal wetenskaplike van die Universiteit van die Witwatersrand, R. Ally, se siening sluit hierby aan as hy beweer dat "Marks not only lived through this period of upheaval and transformation ["mineral

---

*Whitechapel clown to diamond king*, 1937; S. Jackson, *The great Barnato*, 1970; J. Leasor, *Rhodes & Barnato: The premier and the prancer*, 1997.

<sup>104</sup> T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the economic development of South Africa*, 1977.

<sup>105</sup> M. Nathan, *South Africa from within*, 1926; M. Nathan, *Not heaven itself*, 1944; M. Nathan *Paul Kruger, his life and times*. 1941.

<sup>106</sup> G. Jaffee, *Joffe Marks - A family memoir*, 2001.

<sup>107</sup> R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "The uncrowned King of Transvaal"*, 1991.

<sup>108</sup> C. de Jong, Samuel Marks, die Pretorianer. In *Pretoriana* 103, September 1994, pp. 4-9.

<sup>109</sup> M. Irvine, Johnny Gomas: Voice of the working class. A political biography by Doreen Musson. In *Social dynamics*, 18(1), May 1992, pp. 98-99.

<sup>110</sup> A. H. Jeeves, Sammy Marks - "the uncrowned king of the Transvaal." In *South African historical Journal*, 26, May 1992, p. 269.



revolution"] but...[he] influenced and shaped it," wat lig werp op die wyse waarop "the transformation from a rural backwater into a modern industrial state" geleidelik plaasgevind het.<sup>111</sup> Vir 'n historikus aan die Universiteit van Suid-Afrika, W. Schelleck, lê die waarde van hierdie biografie in die wye verskeidenheid onderwerpe wat aangespreek word. Hy fokus op die interafhanklikheid van Marks en die Staatspresident, wat impliseer dat "Marks needed Kruger as much as Kruger needed him."<sup>112</sup>

Resensente soos die museumkundige, A. Malan<sup>113</sup> en die kultuurhistorikus, E. E. Pretorius,<sup>114</sup> loof Mendelsohn vir die wetenskaplike wyse waarop hierdie biografie aangebied word. Pretorius is krities oor die wyse waarop Marks die President se guns gewen het en die persoonlike gunste wat hy aan verskeie Boeregeneraals verleen het - dit sou al te veel aan omkoperie herinner.<sup>115</sup> De Jong beweer dat Marks as 'n "wandelingbesoeker" wel per geleentheid skenkings aan invloedryke persone aangebied het, maar dat dit "destyds nie as omkoopgeld beskou is nie."<sup>116</sup> Kritiek van hierdie aard kan verwag word van individue wat nie vertrou is met die Joodse immigrante se norme ten opsigte van medemenslikheid en sosiale etiek nie,<sup>117</sup> en wat ook nie veel begrip toon vir die besondere omstandighede waarin die onervare owerhede in hierdie tydperk verkeer het nie. Nog 'n resensent, C. Leigh, verklaar kort en bondig dat professor Charles van Onselen se mening betroubaar is as hy dié biografie beskryf as "a well-written, carefully researched, original and valuable work which...will rightly come to occupy a prominent place in South African historiography."<sup>118</sup> Dit is hiervolgens van kardinale belang vir hierdie studie dat

<sup>111</sup> R. Ally, Sammy Marks: "The uncrowned king of the Transvaal." In *Social Dynamics*, 18 (1), 1992, p. 95.

<sup>112</sup> W. Shellack, Richard Mendelsohn, Sammy Marks: "The uncrowned king of Transvaal." In *Kleio*, 24 1992, p. 122.

<sup>113</sup> A. Malan, Sammy Marks "he uncrowned king of the Transvaal". In *South African Journal of Cultural history*, 6 (20), April, 1992, p. 88.

<sup>114</sup> E. E. Pretorius, Sammy Marks, "The uncrowned king of the Transvaal." In *Historia*, 37(1), Mei 1992, pp. 98-99.

<sup>115</sup> *Ibid.*, p. 99.

<sup>116</sup> C. de Jong, Samuel Marks, die Pretorianer. In *Pretoriana* 103, September 1994, p. 6.

<sup>117</sup> S. Rappaport, The Jewish concept of man. In *Jewish Affairs*, September 1980, p. 39, verduidelik die outeur dat "helpfulness, sympathy, the bestowal of kindly acts" van die vernaamste etiese waardes is.

<sup>118</sup> C. Leigh, Sammy Marks: "The uncrowned king of the Transvaal." In *Africana notes and news*, 29 (8), December, 1991, p. 342.

inligting wat uit hierdie biografie verkry word, gebruik behoort te word om die inligting wat in die kontemporêre koerante verskyn het en data wat uit argiefstukke verkry is, aan te vul in 'n poging om die "waarheid" vas te stel, oor gebeure wat in hierdie tydperk plaasgevind het.

'n Tydgenoot van Marks en Nellmapius, H. J. Schlosberg, was 'n handelaar en boer in Bronkhorstspuit. Tydens die Anglo-Boereoorlog het sy dogter, Freda, 'n dagboek gehou waarin sy die wedervarings van die Schlosberg-gesin opgeteken het. Hierdie dagboek is opgeneem in die Joodse regsgeleerde, H. J. May, se werk waarin waardevolle inligting vervat is oor hoe hierdie pioniergesin tydens die Anglo-Boereoorlog deur die Boere sowel as die Britte geteister is.<sup>119</sup> Min inligting is andersins oor Joodse gesinne se belewenisse en ontberings tydens hierdie oorlog opgeteken.<sup>120</sup>

Joodse historici, I. Sarid en C. Bartoff, het op grond van die Joodse argitek, H. Kallenbach, se persoonlike dokumente wat in Israel behoue gebly het, sy belewenisse saamgevat en gepubliseer. Hierin word Kallenbach en enkele ander Jode se verhouding met Indiërs, veral met Mahatma Ghandi, beskryf.<sup>121</sup> Biografiese data van talle prominente Suid-Afrikaanse Jode is verder in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, opgeneem,<sup>122</sup> so ook die Joodse historikus, S. Mendelsohn, se *South African Bibliography*<sup>123</sup> wat in 1957 verskyn het. Die *Ensiklopedie van Suidelike Afrika* wat in 1967 onder die redaksie van Rosenthal gepubliseer is, verskaf nuttige inligting oor die prominente Jode en gebeure in Suid-Afrika.<sup>124</sup> Daarbenewens het 'n Joodse skrywer, G. Sifrin, interessante inligting oor plattelandse Jode ingewin en gepubliseer.<sup>125</sup>

<sup>119</sup> H. J. May, (H. J. Schlosberg), *Music of the guns: Based on two journals of the Boer war*, 1970.

<sup>120</sup> A. C. van Wyk, Jode se belewenis van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. In *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Jaargang 13 (2), November 1999, pp. 138-152.

<sup>121</sup> I. Sarid en C. Bartoff, *Herman Kallenbach: Mahatma Ghandi's friend in South Africa*, 1997.

<sup>122</sup> W. J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. 1 en 2. Kaapstad, 1968; C. J. Beyers, *Dictionary of South African Biography*, Vol. 1-5, 1968-1987; M. Arkin, South African Jewish achievers: more mini biographies. In *Jewish Affairs*, December 1987.

<sup>123</sup> S. Mendelsohn, *South African Bibliography*, Volume 2, 1957.

<sup>124</sup> E. Rosenthal (red.), *Ensiklopedie van Suidelike Afrika*, 1967.

<sup>125</sup> G. Sifrin, *To Gershn*, 1995, pp. 137-177.



Geskiedskrywing met as tema *Sionisme* en wat op die simbool van "rootedness in Jerusalem"<sup>126</sup> fokus, geniet besondere aandag. In 1929 skryf 'n Joodse kenner, J. Alexander, 'n insiggewende artikel oor *South African Zionism*.<sup>127</sup> Die Joodse skryfster, M. Gitlin, het in 1973 die fenomeen Sionisme aangespreek en verduidelik hoe en waarom dit in Suid-Afrika posgevat het.<sup>128</sup> Die Joodse navorser, G. Shimoni, het Sionisme in Suid-Afrika in 1974 as 'n onderwerp by die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem as 'n doktorsale proefskrif aangebied, waarna dit in 1980 in boekvorm uitgegee is.<sup>129</sup>

Herinnerings oor die Joodse gemeentelike lewe in Suid-Afrika en die betekenis van godsdiens is deur E. Bernstein,<sup>130</sup> B. M. Caspar<sup>131</sup> en rabbi Hertz,<sup>132</sup> opgeteken soos dit op verskillende wyses onder die *Westjuden* en *Ostjuden* ontwikkel het. 'n Oos-Duitse Jood, B. Sachs, het verskillende aspekte van die Judaïsme uitgelig waarin die betekenis van die Joodse leefwyse en veral die rol van die sinagoge in dié nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap beskryf word.<sup>133</sup> Akademici, soos R. Musiker en Sherman, spreek verskillende aspekte van die Joodse leefwyse in die bundel *Waters out of the well: Essays in Jewish studies*, aan. In hierdie bron lig 'n Joodse akademikus, J. Hellig, besondere eienskappe van anti-Semitisme uit.<sup>134</sup> Om die Joodse kultuur aan Afrikaanssprekendes te verduidelik, het die teoloog, W. C. van Wyk en sy medewerkers, 'n boek getiteld *Ons Joodse bure*, die lig laat sien. In hierdie bundel word veral aandag aan Judaïsme en Joodse kulturele gebruike gegee.<sup>135</sup>

<sup>126</sup> J. Hellig, *Jewish expression: The harp for Jerusalem's SOGS*. In *Jewish Affairs*, August 1983, p. 73; B. Sachs, *Mist of memory: An Autobiography*, 1973, p. 10.

<sup>127</sup> J. Alexander, *South African Zionism*. In M. de Saxe and I.M. Goodman (eds.), *The South African Jewish Year Book*, 1929, pp. 179-217.

<sup>128</sup> M. Gitlin, *The vision is amazing: The story of South African Zionism*, 1973.

<sup>129</sup> G. Shimoni, *The Jewish community and the Zionist movement in South African Society, 1910-1948*, 1974; G. Shimoni, *Jews and Zionism: the South African Experience, 1910-1967*, 1980.

<sup>130</sup> E. Bernstein, *My Judaism, my Jews*, 1962.

<sup>131</sup> B. M. Caspar, *A decade with South African Jewry*, 1972.

<sup>132</sup> J. H. Hertz, *The Jew as a patriot*, 1898; *The Jew in South Africa*, 1905.

<sup>133</sup> B. Sachs (ed.), *The Fordsburg-Mayfair Hebrew Congregation 1893-1964*, 1964; B. Sachs *Memoirs of a pioneer congregation in Johannesburg*, 1971.

<sup>134</sup> J. Hellig, *The doctrine of closeness: It's relation to anti-semitism*. In R. Musiker en J. Sherman (eds.), *Waters out of the well: Essays in Jewish studies*, 1988.

<sup>135</sup> W. C. van Wyk (red.), *Ons Joodse bure*, 1991.

Jode het ook oor hulle omgewing en leefwyse in Transvaal geskryf. De Vries het in 1881 onder die skuilnaam Klaas Waarzegger, *Die geskiedenis van Transvaal* in die "Boere se eie taal" beskryf.<sup>136</sup> In 1898 het F. Lion Cachet die Transvalers se worstelstryd om te bestaan, aan die Nederlanders geboekstaaf.<sup>137</sup> Herrman was 'n ywerige navorser oor die geskiedenis van Jode in Suid-Afrika en Saron en Hotz, na wie ook voorheen verwys is, kan as van die belangrikste historiese navorsers beskou word.<sup>138</sup> 'n Joodse geskiedkundige, N. Berger, gee in sy boek *Chapters from South African history: Jewish and general*, 'n algemene oorsig oor Jode se belewenisse in Suid-Afrika.<sup>139</sup> 'n Joodse geskiedkundige, D. J. N. Denoon, se werk van 1973 handel oor die tydperk in Transvaal na die Anglo-Boereoorlog. Hierin lewer hy kritiek op die wyse waarop die Britse veroweraars die nuwe administrasie bestuur het.<sup>140</sup>

Joodse betrokkenheid by die minder bekende skadukant van die gemeenskap het ook voorgekom. Onwenslike situasies is in diepte deur Van Onselen oopgeplek toe hy die kwessie van "Prostitutes and proletarians", aangespreek het waarby sekere Joodse ondernemers ook betrokke was.<sup>141</sup> Robertson en Kaplan verduidelik op hulle beurt hoe die *Chevra Kadisha*, die Joodse welsynsvereniging, hierdie probleem van prostitusie geïdentifiseer het.<sup>142</sup> Shain sluit hierby aan as hy verduidelik dat sekere Jode se betrokkenheid by onwettige drankhandel en prostitusie daartoe aanleiding gegee het dat hulle as *Peruvians* gedefinieer is, dit wil sê, as vuil en onwenslik beskou is. Daarteenoor is sekere welaf Jode in die *Owl*, 'n Kaapse koerant, as *Hoggenheimers* uitgebeeld wat as 'kapitaliste aan "dishonest dealings" gekenmerk sou wees.<sup>143</sup> Stereotipes van die

<sup>136</sup> M. de Vries (Klaas Waarzegger), *Die geskiedenis van Transvaal*, 1881.

<sup>137</sup> F. Lion Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, 1898.

<sup>138</sup> L. Herrman, *The history of the Jews in South Africa from the earliest times to 1895*, 1935; G. Saron and L. Hotz (eds.), *The Jews in South Africa: A history*, 1955.

<sup>139</sup> N. Berger, *Chapters from South African history: Jewish and general*, 1982.

<sup>140</sup> D. J. N. Denoon, *A grand illusion*, 1973.

<sup>141</sup> C. van Onselen, *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand 1886-1914*, (Vol.1), 1982.

<sup>142</sup> M. Robertson and M. Kaplan, The Chevra Kadisha - Jewish Helping Hand and burial society. Johannesburg's first organised social welfare work. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991, pp. 97-101.

<sup>143</sup> M. Shain, Images of the Jew in Johannesburg 1887-1915. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915*. 1991, pp. 158-161.



Jode as kapitaliste en "onwenslike" *Peruvans* het sò ontstaan en was vanselfsprekend daarop ingestel om die Jode te krenk, met hulle die spot te dryf en 'n gees van anti-Semitisme te skep.

Hierdie studies het wel verdeeldheid en konflik tussen Jode en Jode, asook tussen Jode en nie-Jode oopgevelek, maar het nie die ontstaan en redes vir sekere fenomene soos anti-Semitisme, Joodse stereotipes, Diaspora, pogroms, ghettos, "Pale of Settlement," Joodse emansipasie, "Bildung", "Verjudung" en die Joodse vraagstuk, na wense gedefinieer en omskryf nie.<sup>144</sup> Hierdie begrippe is waarskynlik vir Jode algemene kennis, maar die *Gentile*, wat poog om die Joodse situasie te verstaan, het meesal min begrip van die Jode se historiese agtergrond en konsepte wat daarmee verband hou. Die teoloog, A. du Toit, stel dit dat anti-Semitisme nog lank nie dood is nie en dat "daar kleef deur die eeue iets misterieus aan die Joodse volk",<sup>145</sup> waarskynlik omdat die meeste Christene net die Bybel en mites wat in omloop is as die enigste bronne gebruik om die Joodse situasie te verstaan. Min inligting oor die tradisies en lewenswyse van die *Ostjuden* is oor die algemeen bekend. Hoewel Schreiner begrip toon vir die Joodse verdrukking<sup>146</sup> en Jonker<sup>147</sup> meer breedvoerig oor die Jode as sondebokke skryf, is hierdie inligting ontoereikend, verouderd en nie algemeen bekend nie. Daarom is dit noodsaaklik om 'n begrip te vorm van hoe die "Joodse vraagstuk" in Europa ontstaan het wat tot die Joodse Diaspora aanleiding gegee het omdat dit later gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die "Final solution of the Jewish question"<sup>148</sup> sou manifesteer.

Daarbenewens het historici oor die algemeen min aandag geskenk aan die redes en betekenis van die kerklike twis in die ZAR en die rol wat Bührmann en die Joodse Christelike predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, F. Lion

<sup>144</sup> Mouton, J. *How to succeed in your Master's and Doctoral studies: A South African guide and resource book*. 2001, p. 48. Mouton stel dit pertinent dat h voorlopige literatuurstudie die navorser in staat stel om te bepaal "what you will be studying or researching and to what end." In hierdie studie het die historiografiese oorsig duidelike leemtes in die kennisskat oor Jode in Transvaal getoon.

<sup>145</sup> A. du Toit, Jode tans, in Bybel : Anti-Semitisme is nog lank nie dood nie. . In *Beeld*, 31 Oktober 1997, p. 10.

<sup>146</sup> O. Schreiner, A letter on the Jew. In *Jewish Affairs*, August, 1976, pp. 6-11.

<sup>147</sup> A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, 1941.

<sup>148</sup> R. P. Scheindlin, *The chronicles of the Jewish people*, 1996, pp. 118-120.

Cachet, daarin gespeel het.<sup>149</sup> Die rol van sy broer, J. Lion Cachet, predikant van die Gereformeerde Kerk en die eerste rektor van die Teologiese Skool te Potchefstroom, later die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en digter van naam, word wel deur 'n teoloog, J. L. Ras in 'n verhandeling beskryf.<sup>150</sup>

Relatief min inligting is opgeteken oor die Jode se belewenis tydens en na die Anglo-Boereoorlog. Die hoofnavorsers by die *South African Jewish Board of Deputies (SAJBD)* in Johannesburg, Saks, is tans besig om inligting oor die Jode se deelname aan die Boerekommandos tydens dié oorlog in te win.<sup>151</sup> Die belewenis van Joodse pioniers in Transvaal tydens die Anglo-Boereoorlog word tans deur Mendelsohn nagevors om in 'n boekvorm "Jews in the Boer war" uitgegee te word.<sup>152</sup>

Dit moet ook in gedagte gehou word dat hoewel inligting oor verskillende aspekte van die Jode se belewenis in Transvaal beskikbaar is, dit meesal in verouderde en betreklike ontoeganklike bronne vervat is. Navorsers in Israel toon tans veral belangstelling in die belewenisse van Jode in Suid-Afrika. Die gebore Suid-Afrikaner, Rose Norwich, wat die hoofnavorsers vir die *South African Friends of the Museum of the Diaspora (Behr hatefutsoth)* in Tel Aviv is, skryf, "In the world-wide quest for Jewish roots, South African Jewry is presently in the forefront of the search."<sup>153</sup> Norwich wys daarop dat hierdie inligting noodsaaklik is omdat "present generations [in Israel] talk as lovingly of their "shtetlekh" (home towns in South Africa) as their parents from Lithuania did of their own home towns and birthplaces."<sup>154</sup>

Daarbenewens is daar in die Suid-Afrikaanse samelewing tans min sprake van wedersydse begrip tussen die verskillende etniese groepe. Die Jode was nog

<sup>149</sup> F. Lion Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika: Brieven aan een vriend*, 1875; F. Lion Cachet, *De worstelstryd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, 1898; F. Kriel, *Die lewe van Frans Lion-Cachet, met besondere toespitsing op die Sending*, s.j.

<sup>150</sup> J. L. Ras, *Jan Lion Cachet as kerkman (1865-1912)*. D. Phil. Verhandeling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1981.

<sup>151</sup> D.Y. Saks, Jews on Commando. In *Jewish Affairs* 54(5), Spring 1999, 23-30.

<sup>152</sup> R. Mendelsohn, het hierdie inligting aan die navorsers bekend gemaak.

<sup>153</sup> R. Norwich, Recording our past: The Behr Hatefutsoth country communities project. In *Jewish Affairs*, Winter, 1997, p. 23.

<sup>154</sup> *Ibid.*



altyd 'n deel van die blanke leefwyse, maar is vanweë hulle tradisies en "as members of God's chosen people of the old covenant"<sup>155</sup> as "anders" as die "gewone" *Gentiles* ervaar. Jonker het met sy publikasies hierdie "andersheid" probeer oorbrug sodat 'n begrip vir die Jode en hulle kulturele tradisies gevorm kon word.<sup>156</sup> Van Wyk en sy medewerkers het ook hulle deel bygedra om 'n beter begrip van Joodsheid en Judaïsme, daar te stel.<sup>157</sup> Maar onkunde oor Joodsheid en Judeofobie, dit wil sê afkeer aan Jode, is egter steeds in die samelewing van krag.<sup>158</sup> Daarom is 'n studie waarin gefokus word op die eienskappe van Jode wat hulle in Transvaal gevestig het se belewing van hulle sosiale werklikheid en die verhoudings wat met ander mense in die samelewing ontstaan het, van kardinale belang. Dit is egter nodig om die probleem en die vernaamste konsepte wat algemeen in hierdie studie gebruik word, toe te lig sodat 'n begrip van die omvang en aard van studie gevorm kan word.<sup>159</sup>

#### AGTERGRONDSPROBLEMATIEK EN BEGRIPPE

Enige onderwerp wat met Joodsheid verband hou, vereis dat die navorser 'n sinvolle sosio-historiese begrip van die Judaïsme en die Christelike denkwysse behoort te hê. Die rede hiervoor is om 'n begrip te kan vorm van die wyse waarop hierdie twee religieuse denkwyses die Jode se lewensgehalte eeue lank beïnvloed het. Daarbenewens was die Jode wat Suid-Afrika binne gekom het as *West-* en *Ostjuden*, uit verskillende lande van oorsprong en ook geografies baie mobiel. In die ZAR was hulle dikwels op verskillende plekke bedrywig omdat hulle geleentheid wat opgeduik het, vinnig opgevolg het. 'n Goeie voorbeeld is dié van Marks wat gelyktydig op verskillende plekke mynbelange gehad het en as 'n industrialis, onder andere drank, konfyt, glas en ingemaakte vrugte, geproduseer het. Hy het ook 'n graanmeule, steen- en teëlmakery, 'n leerlooierij en skoensfabriek bedryf. Marks was ook 'n entoesiastiese boer en finansierder wat dikwels die owerheid op politieke en ekonomiese wyse ondersteun het.<sup>160</sup>

<sup>155</sup> A. H. Jonker, *The scapegoat of history*, 1941, p. 77.

<sup>156</sup> *Ibid.*

<sup>157</sup> W. C. van Wyk (red.), *Ons Joodse bure*, 1991.

<sup>158</sup> A. du Toit, Jode tans, in *Bybel: Anti-Semitisme nog lank nie dood nie*. In *Beeld* 31 Oktober, 1997, p. 6. skryf hierdie teoloog oor die onkunde wat oor Joodsheid heers.

<sup>159</sup> J. Mouton, *How to succeed in your Master's and Doctoral studies: A South African guide and resource book*. 2000, p. 48-49. 'n Relevante literatuurstudie het getoon dat navorsingsprobleme veral ten opsigte van konsepte wat in besonder met met Joodsheid verband hou verstaan moes word.

<sup>160</sup> R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "Uncrowned King of the Transvaal"*, 1991, pp. 65-100;

Dit beteken dus dat Joodse pioniers veelsydig was en dikwels op één plek gewoon het, maar op meer as één plek ekonomies bedrywig was.

Dit is ook nie altyd bloot op grond van 'n familienaam duidelik of 'n persoon van Joodse afkoms was nie, omdat heelwat van hulle reeds in Europa vanaf die vyftiende eeu gedwing was om hulle Hebreeuse vanne te laat vaar. 'n Nie-Joodse van het hulle ook gehelp om makliker uit Rusland te ontsnap sodat talle Jode uit hulle eie, ander familienamme aangeneem het. 'n Anglo-Jood, D. H. Benjamin, het selfs in Suid-Afrika besluit dat hy sy van sou verander en net as D. Henry bekend wou staan.<sup>161</sup> Na aanleiding van die Wes-Europese emansipasie het heelwat Jode in 'n groot mate by die samelewing geassimileer geraak.<sup>162</sup> Daarbenewens het die vroeë Joodse Transvaalse entrepreneurs, soos dié in die mynbedryf, dikwels met *Gentiles* in vennootskap getree. Dit is dus moeilik vir navorsers om tussen Joodse en nie-Joodse sakebelange te onderskei en verwarring kan maklik ontstaan. Byna almal wat 'n "Joodsklinkende naam" gehad het, of kapitalisties ingestel was, is dikwels as Jode gedefinieer.<sup>163</sup> Historikus Twyman het byvoorbeeld na die kapitaliste J. B. Robinson, J. Wernher en B. Barnato as geloofsgenote verwys.<sup>164</sup> Van hierdie drie mans was Barnato van Joodse afkoms sodat geen sprake van geloofsgenote kon wees nie.<sup>165</sup> Die akademikus, D. Jacobson, beweer, "So prominent were Jews among the early 'Randlords' that *echt*-Gentile millionaires like Wernher and Robinson were universally assumed to be Jewish, their denials notwithstanding."<sup>166</sup> Verder was M. Langermann 'n prominente Joodse ondernemer wat onder meer ook 'n lid van die *Reform Committee* was.<sup>167</sup> *The Standard and Digger's News* beskryf J. W. S. Langermann, 'n *Gentile* en 'n tydgenoot van M. Langermann, wat as 'n Uitlander

---

O. J. O. Ferreira, Eerste Fabrieken: Die beginpunt van Nywerheidsontwikkeling in die Zuid-Afrikaansche Republiek. In *Contree*, No. 15, 1984, pp. 17-21.

<sup>161</sup> *De Volksstem*, 12 Mei 1883.

<sup>162</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 305.

<sup>163</sup> G. Wheatcroft, *The Randlords: The men who made South Africa*, 1985, pp. 48-49, 277-278.

<sup>164</sup> L. J. Twyman, Paul Kruger en Johannesburg, M.A. Verhandeling, Universiteit van Potchefstroom vir Christelike Hoër Onderwys. 1965, p. 124.

<sup>165</sup> G. Wheatcroft, *The Randlords: The men who made South Africa*, 1985, pp. 227, 271, 278.

<sup>166</sup> D. Jacobson, *The electronic elephant: A South African Journey*, 1994, p. 160.

<sup>167</sup> S. Cohen, The South African Zionist Federation and the South African Jewish Board of Deputies: Samuel Goldreich and Max Langerman. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991, p. 205.



"unfair to the Boers and even unpolite" was.<sup>168</sup> Maar J. W. S. Langermann, is deur navorsers onder die leierskap van die historikus, E. L. P. Stals, van die Randse Afrikaanse Universiteit as 'n *Afrikaner* beskryf.<sup>169</sup> Om Jode te identifiseer kan problematies wees veral as daar ook gepoog word om hulle volgens "recognisable Jewish names", uit te ken soos Robertson aanbeveel of om alle kapitaliste as Jode te bestempel.<sup>170</sup>

Volgens historikus, R. J. Shafer, is dit metodologies meesal vir die navorser 'n probleem om aspekte soos "verhoudings" tussen mense wat in die vorige eeue geleef het te peil omdat hy hom self nie werklik in die situasie kan indink nie.<sup>171</sup> Die navorser wat dus subjektiewe ervarings van die mense in sy ondersoekgroep uit dokumente soos koerante en argiefstukke wil bepaal, betree 'n gevaarlike terrein omdat sy inligtingsbronne dikwels misleidend kan wees en nie altyd subjektiewe betekenisse soos Anglofobie, afkeer aan Britte of "Boerefobie", afkeer aan Boere, weerspieël nie. Dit is nie wenslik om vooropgestelde idees en paradigmas te gebruik om 'n finale sintese te maak nie, die historikus moet gaan soek na grondoorsake van die betekenisse wat mense huldig. Dit is 'n probleem om die "waarheid" oor fenomene van die verlede te beskryf omdat die verlede relatief gefragmenteerd en onbekend is. Die kultuurhistorikus, K. Schoeman, stel dit sò:

Wie oor die verlede skryf, moet die verlede onvermydelik geweld aan doen, want terwille van hanteerbaarheid en oorsigtelikheid word dit kunsmatig en arbitêr verdeel in tydperke...[volgens] 'n tema...[waarby die] werklikheid gefragmenteer word en dit in 'n sekere sin sy betekenis verloor.<sup>172</sup>

Dit is ook belangrik om te beseft dat Jode se ervaring van lewensgehalte, eers behoorlik begryp kan word as hulle in bepaalde situasies bestudeer word. Lewensgehalte verwys volgens die bekende Hollandse navorsers, A. K. Constandse en M. K. A. Schonk, na 'n algemene gevoel van *welbevinden* of geborgenheid wat individue beleef en wat met hulle ervaring van *welvaart* asook

<sup>168</sup> *The Standard and Digger's News*, 20 December 1895.

<sup>169</sup> E. L. P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad, Deel I*, 1978, p. 113.

<sup>170</sup> M. Robertson, Investing talent in the Witwatersrand: Jewish traders, craftsmen and small entrepreneurs. In M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers: Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991, p. 120.

<sup>171</sup> R. J. Shafer, *A guide to historical method*, 1980, p. 23.

<sup>172</sup> K. Schoeman, *Armosyn van die Kaap: Die wêreld van 'n slavin, 1652-1733*, 2001, pp. 484-485.

*welzijn* verband hou. *Welvaart* dui op die mens se materiële belewenis, en *welzijn* verwys na 'n geestelike ervaring van tevredenheid en geluk wat beleef word. Lewensgehalte word optimaal beleef indien die verskil tussen die ervaring van *welbevinden* wat die mens *wel* beleef en wat hy graag *wil* beleef, minimaal is.<sup>173</sup> As 'n mens vorm die Jood deel van 'n geheel en daarom beteken dit dat hy 'n biologiese, ekonomiese, politieke en sosiaal-kulturele rol in 'n bepaalde tyd en plek het.<sup>174</sup> Wanneer die Jode in Transvaal tot in 1910 bestudeer word, is dit nodig om in gedagte te hou dat hulle weens hulle geografiese afkoms besondere heterogene eienskappe toon.

Daar word dikwels na Jode as "Israeliete" verwys. Dit is verwarrend omdat die begrippe Jood en Israeliet nie noodwendig sinonieme is nie. Daar word soms ook van die Jode as "kinders van Israel" gepraat na aanleiding van die naam Israel, die nuwe naam soos in Genesis 35:10 opgeteken is, wat deur God aan Jakob die stamvader van die Israeliete gegee is. Die historikus, P. Johnson, verduidelik dat die term "Israeliete" eintlik na die tien stamme van Israel verwys wat ca. 722 v.C, deur die Assiriërs weggevoer is om hulle te onderskei van die Jode wat in Judea agter gebly het.<sup>175</sup> Die woord "Jood" is afgelei van die woord Judea, die *Yehudim* of Judeërs wat na die stam van Juda verwys en wat aanvanklik ook die taal van *Jouda*, naamlik *Yehudit*, tydens Hiskia se heerskappy gepraat het. Hierdie benaming is moontlik op 'n neerhalende wyse deur hulle vyande aan hulle gegee. Later het die Judeërs dié benaming met trots gedra.<sup>176</sup> Teenoor die begrip Jood word die begrip *Gentile* vry en algemeen in die internasionale literatuur gebruik. Die woord *Gentile* is afgelei uit die Latynse woord *gentilis*, en verwys na mense wat heidene, Christene of ander onbesnedenes kan wees.<sup>177</sup> Die Hebreeuse woord *goy*, meervoud *goyim* of

<sup>173</sup> A. K. Constandse en M. K. A. Schonk, *Leven in Lelystad*, 1980, p. 12.

<sup>174</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 58.

<sup>175</sup> P. Johnson, *A history of the Jews*, 1993, p. 70.

<sup>176</sup> C. Roth, *A short history of the Jewish people*, 1969, p. 57..

<sup>177</sup> S. Tulloch (ed.), Reader's Digest Oxford, *Complete Wordfinder*, 1994, p. 642; D. B. Bosman, I. W. van der Merwe en L. W. Hiemstra (eds.), *Tweetalige woordeboek*, 1984, p. 884.



goys, is 'n woord wat Jode soms instede van *Gentiles* gebruik wanneer daar op 'n neerhalende wyse na nie-Jode verwys word.<sup>178</sup>

Deurdat die begrip "Jood" so wyd in tyd en ruimte voorkom, is daar verskillende wyses waarop dit gedefinieer kan word sodat daar tans heelwat meningsverskil daaroor bestaan. Die Joodse skrywer, B. Steinberg, vra "What is a Jew?" Hy beweer dat die antwoord afhang van die situasie: "Is the field of reference to be religious, national or ethnic - or various combinations of these three dimensions of Jewish Life?"<sup>179</sup> 'n Joodse historikus, B. Kaplan, skryf dat die begrip "Jood" baie eenvoudig gedefinieer kan word omdat dit na enige persoon verwys wat volgens die riglyne van die *Torah*, (die Joodse wetsrol met die vyf boeke van Moses), leef.<sup>180</sup> Dit beteken dat dit die religieuse kwaliteit van Judaïsme weerspieël.<sup>181</sup> Deur aan die wette van die *Torah* gehoorsaam te wees, was tradisioneel 'n vereiste vir Joodsheid. Volgens die wette van die *Halachah* (die Joodse skrifuitleg) "a converted Jew remained a Jew". Maar die sekulêre wette spel dit uit dat: "A person born a Jew but adopting another religion is not regarded as a Jew either by nationality or religion; a non-Jew (though of a Jewish father) could be regarded as a Jew by nationality as long as he remained an atheist."<sup>182</sup> Die Franse filosoof, J. P. Sartre, stel dit pertinent dat dit die situasie of gemeenskap is waarin 'n Jood verkeer, wat bepaal of hy 'n Jood is, "...[to] deserve the name of Jew,...[he lives] in a community which takes [him] for [a] Jew."<sup>183</sup>

'n Meer relevante definisie van Joodsheid en Joodse gemeenskapslewe word deur die akademikus, A. Unterman, omskryf as hy vier dimensies van Joodsheid uitlig: *Eerstens*, biologiese oorsprong. Iemand wat 'n Joodse moeder het, is 'n Jood ongeag of die vader 'n etniese Jood is. 'n Kind van 'n Joodse vader en 'n *Gentile* moeder, word nie as 'n Jood aanvaar nie. *Tweedens*, Joodse geloof. 'n *Gentile* kan net in besondere omstandighede tot die Joodse geloof toegelaat

<sup>178</sup> S. Tulloch (ed.), *Reader's Digest Oxford, Complete Wordfinder*, 1994, p. 648; I. Howe and K. Libo, *How we lived: A documentary history of immigrant Jews in America, 1880-1930*, 1979, p. 345.

<sup>179</sup> B. Steinberg, *Understanding ourselves*. In *Jewish Affairs*, August, 1972, p. 87.

<sup>180</sup> B. Kaplan, *The Jew and his family*, 1967, p. 109.

<sup>181</sup> *Ibid.*

<sup>182</sup> *Ibid.*, p. 10.

<sup>183</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 67.

word mits sekere rites afgelê is, en aan kondonering deur die *Bet(h) Din*, die Joodse hof, onderworpe was. *Derdens*, lidmaatskap van 'n Joodse gemeenskap. Hierdie aspek het in die antieke Israelitiese gemeenskappe voorgekom wanneer 'n *ger toshav*, 'n vreemdeling sekere regte en verantwoordelikhede gehad het. In die moderne Israeliese gemeenskap sou dit kon verwys na kinders van 'n Joodse vader en 'n *Gentile*-moeder, wat op Joodse identiteit en voorregte aanspraak maak. *Vierdens*, burgerskap en taalgebruik. Hierdie tipe geld vir die moderne staat Israel waar sekere mense Hebreeus praat, by die Israeliese weermag ingeskakel is en as Israelis bekend wil staan, al aanvaar hulle nie die Joodse geloof nie. Hulle is dikwels mense wat uit gemengde huwelike tussen Jode en *Gentiles*, gebore is.<sup>184</sup> Die Joodse geestelike, rabbi L. I. Rabinowitz, verwys hierna as "Israeliese burgerskap" waarvolgens:

A citizen of the state of Israel can be a Jew, Moslem, Christian, Bahaist or atheist. The only difference between Jew and non-Jew in so far as citizenship is concerned is that under the Law of Return a Jew who immigrates to Israel acquires citizenship automatically: those of other faiths who were not born in the country must apply for it.<sup>185</sup>

Hierdie bewering kom ooreen met die mening van Van Wyk, wat verduidelik dat die begrip "Jood" met verloop van tyd verskillende skakerings in betekenis getoon het.<sup>186</sup> Die taalkundiges, F. F. Odendaal, P. C. Schoonees, C. J. Swanepoel, S. J. du Toit en C. M. Booysen, redakteure van die HAT, beskryf die begrip Jood in die *Verklarende woordeboek vir die Afrikaanse taal* op twee wyses: iemand van Hebreeuse, Israelitiese afkoms, maar ook as: ['n] Geldgierige persoon; geslepe sakeman.<sup>187</sup> 'n Ander taalkundige, S. Tulloch, redakteur van die *Reader's Digest Oxford Complete Wordfinder*, gee ook 'n tweeledige verduideliking van die begrip wanneer die woord omskryf word as: "A person of Hebrew descent or whose religion is Judaism," en "A person considered to be parsimonious or to drive a hard bargain in trading."<sup>188</sup> Die woordkenners, D. B. Bosman, I. W. van der Merwe en L. W. Hiemstra,

<sup>184</sup> A. Unterman, *Jews: Their religious beliefs and practices*, 1981, p. 13.

<sup>185</sup> L. I. Rabinowitz, Who is a Jew? Thoughts on the Supreme Court decision. In *Jewish Affairs*, 25 (2), 1970, p. 9.

<sup>186</sup> W. C. van Wyk (red.), *Ons Joodse bure*, 1991, p. 3.

<sup>187</sup> F. F. Odendaal, P. C. Schoonees, C. J. Swanepoel, S. J. du Toit, en C. M. Booysen (reds.), *HAT: Verklarende woordeboek*. 1983, p. 494.

<sup>188</sup> S. Tulloch, (ed.), *The Reader's digest: Oxford Complete wordfinder*, 1994, p. 818.



verduidelik in hulle tweetalige woordeboek dat die werkwoord "to jew" sou beteken, om te fop, te kul en te verneuk.<sup>189</sup> Die Joodse akademikus, S. L. Gilman, wys daarop dat hierdie werkwoord "to jew", 'n voorbeeld van tipering is wat deur *Gentiles* wat "anders" as Jode is, gebruik word om hulle eie gedrag te regverdig, wanneer hulle self skuldig voel.<sup>190</sup>

Oor die begrip "Jood" is daar dus nie eenstemmigheid nie. Dit word enersyds wel soms objektief beskryf, maar dit word andersyds sò subjektief gedefinieer dat Jode dikwels negatief getipeer word. Dit bring mee dat die verhoudings tussen Jode en *Gentiles* uiteenlopende kenmerke toon. Wanneer *Gentiles* 'n afkeur aan Jode het en *Judeofobie* op verskeie wyses mag voorkom, ontstaan dikwels 'n passie wat in anti-Semitisme manifesteer. Volgens Sartre is die anti-Semiet se negatiewe houding gewoonlik op valse bewerings, drogbeelde en historiese mites gegrond omdat hulle glo dat die Jode onassimileerbaar is en geheime sameswerings beplan om die wêreldorde omver te werp.<sup>191</sup> 'n *Demokratiese* verhouding daarteenoor dui op respek vir Jode. Demokrate poog om die Jode se vriende te wees omdat hulle glo dat alle mense gelyk is. Hulle redeneer dat negatiewe eienskappe by alle mense kan voorkom. Met hierdie siening dat die Jood 'n mens soos alle ander mense is, word die Jode se Joodsheid eintlik ontken of ter syde gestel. Op hierdie wyse poog die demokraat om die Jood van sy kultuur te vervreem sodat hy gemaklik in die samelewing kan assimileer.<sup>192</sup> Wanneer hoofsaaklik positiewe eienskappe aan Jode toegedig word, is 'n *filosemitiese* verhouding moontlik. Dit mag egter in krisistye in anti-Semitisme ontwikkel.<sup>193</sup> Hierdie verhoudings kan tot tipering en stereotipering aanleiding gee. Deurdat die genoemde woordeboekomsrywings die Jood ook op 'n besondere subjektiewe wyse as geslepe, geldgierige en oneerlike tipes beskryf, dui dit op 'n growwe wyse van stigmatisering. Tipering kan, indien dit nie op persoonlike vlak geskied nie, betreklik anoniem en onpersoonlik van aard wees omdat dit van die hier-en-nou situasie verwyder is. Byvoorbeeld, soos wanneer

<sup>189</sup> D. B. Bosman, I. W. van der Merwe, en L. W. Hiemstra (reds.), *Tweetalige woordeboek: bilingual dictionary*, 1984, p. 952.

<sup>190</sup> S. L. Gilman, *Jewish self-hatred: Antisemitism and the hidden language of the Jews*, 1990, p. 13.

<sup>191</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, pp. 22-31.

<sup>192</sup> *Ibid.*, pp. 55-63.

<sup>193</sup> H. Arendt, *The origins of totalitarianism*, 1975, p. 87.

daar na die heldhaftige, vooruitstrewende Voortrekkers of versukkelde, slinkse Joodse immigrante van 1881 as besondere mensetipes verwys word, en waarin elkeen van 'n etiket of beeld voorsien word. Die beelde wat hierdie tipes voorhou, is meesal nie uit persoonlike oortuiging gevorm nie en word gewoonlik van hoorsê afgelei.<sup>194</sup>

Hierdie etikettering bring vrae mee: Hoe voel die Jode daaroor? Gillman beweer dat Jode "anders" as die *Gentiles* voel omdat hulle "[are] perceived and treated as Jew[s]".<sup>195</sup> Die regsgeleerde, D. Zeffert, wys daarop dat 'n antwoord op die vraag "Who are/ What is Jewish?"<sup>196</sup> gewoonlik subjektief beleef word sodat die betekenis daarvan van mens tot mens kan verskil. Maar watter kenmerke vertoon Jode se nasionale karakter wat aan hulle stigma verleen?<sup>197</sup> Kan hierdie stigmatiserende eienskappe veralgemeen word?<sup>198</sup> Hoe, wanneer en waarom het die stigma wat met Joodsheid verband hou, ontstaan? Die Joodse denker, B. Kaplan, verduidelik dat Joodsheid as 'n sosiale filosofie beskryf kan word met 'n unieke lewenstyl wat daartoe bydra dat hulle as 'n minderheidsgroep in sommige samelewings as *pariahs* of uitgeworpenes, eintlik 'n marginale posisie in die breër gemeenskap beklee. Wanneer hierdie tipering so geformuleer word dat dit na die beweerde onbuigbare, eenvormige gedrag van 'n sekere groep mense soos die Jode verwys, is daar van stereotipering sprake. Wanneer 'n Jood negatief ge-etiket word, met ander woorde as dit stigma inhou, word dié etiket moeilik afgeskud en tas dit sy menswaardigheid en selfrespek aan, wat gewoonlik 'n gevoel van self-vervreemding meebring. Met stereotipering word anti-Joodse beelde opgeroep wat soms ook 'n positiewe element mag inhou. Volgens Sartre, is die stereotipe beeld waarmee Jode dikwels ge-etiket word, 'n fisieke voorkoms van 'n man met 'n swart, krullerige, lang baard, 'n effense hakneus en bakore. Hy dra 'n bril met staalrame, 'n swart hoed wat hy diep oor

<sup>194</sup> P. L. Berger and T. Luckmann, *The social construction of reality*, 1966, p. 47.

<sup>195</sup> S. L. Gilman, *Jewish self-hatred: Antisemitism and the hidden language of the Jews*, 1990, pp. 9-11.

<sup>196</sup> D. Zeffert, Who are? What is Jewish? In *Jewish Affairs*, Summer, 1997, p. 49.

<sup>197</sup> E. Goffman, verduidelik in sy boek *Stigma*, 1959, pp. 13-14, dat stigma na aanleiding van sekere negatiewe tipes gevorm word wat dan tot stereotipering aanleiding gee. Voorbeelde hiervan is aspekte van die liggaam soos velkleur, haartekstuur en neusvorms. Dit kan ook verwys na negatiewe morele gedrag soos gierigheid en oneerlikheid.

<sup>198</sup> Daarbenewens kan aspekte van geloof ook stigmatiserend wees soos Martin Luther wat Jode as blindes gesteroetipeer het soos S. L. Gilman, *Jewish self-hatred: Antisemitism and the hidden language of the Jews*, 1990, p. 61, verduidelik.



sy gesig trek, is in swart gekleed, voer vinnige en senuagtige bewegings uit, maar straal "a smile of strange dolorous goodness"<sup>199</sup> na buite uit. Is hierdie Jood se seun, wat gladgeskeer is en volgens die norme van die sekulêre samelewing geklee gaan, minder tipies Jood as sy pa?

Gilman, se mening sluit hierby aan as hy verduidelik dat hierdie fenomeen van stereotipering na aanleiding van die Janus-gesig voorgestel kan word. Soos die ou Romeinse god Janus, twee gesigte gehad het, een wat goed en een wat kwaad gesimboliseer het, word daar op twee wyses na die Jode verwys. Dié Manicheïstiese siening waarop die mens dinge as goed en kwaad tipeer is volgens Gilman inherent aan menslike denke.<sup>200</sup> Daarbenewens verwys sekere Joodse eienskappe na argetipes of oertipes, van mites wat in die volksmond kan voorkom en wat in mense se onderbewuste bestaan.<sup>201</sup> 'n Voorbeeld is dié van "vader Abraham" as die oervader van die mensdom en Josef wie se posisie in Egipte as die argetipe van die "hof-Jood" beskou kan word.

Oor Joodse identiteit word verskillende menings gehuldig. 'n Student aan die *Yeshiva College*, A. Browdie, se oortuiging is "that caring for one's fellow man is the essence of Jewish identity...mirroring the inner love that we feel for G-d (sic). This is the single force which keeps the Jewish people together."<sup>202</sup> Joodse identiteit word wel deur kulturele tradisies beïnvloed, dit is egter meer as wat net in hulle religie omvat word. Dit behels hulle kulturele agtergrond, literatuur, taal, gebruike, simbole, sosiale organisasie, normatiewe volkstradisies, gedragstandaarde, sosiale asook geestelike ideale en estetiese waardes wat in werklikheid as 'n "Joodse kulturele beskawing" beskryf kan word.<sup>203</sup> Sartre beweer dat dit die Joodse identiteit beïnvloed. "The Jew has a personality like the rest of us, and on top of that he is Jewish. It amounts in a sense to a doubling relationship with the Other [people in his community]."<sup>204</sup> Alle Jode het egter twee soorte identiteite: Hulle werklike Joodse identiteit en die identiteit wat sosiaal deur die gemeenskap aan hulle toegeskryf word. Wanneer Jode

<sup>199</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 63.

<sup>200</sup> S. L. Gilman, *Jewish self-hatred: Antisemitism and the hidden language of the Jews*, 1990, p. 61.

<sup>201</sup> S. Tulloch (ed.), *The Reader's digest: Oxford Complete wordfinder*, 1994, p. 69.

<sup>202</sup> A. Browdie, The meaning of Jewish identity. In *Jewish Affairs*, 1987, p. 22.

<sup>203</sup> M. M. Kaplan, *Judaism as a Civilization*, 1981, p. 179.

byvoorbeeld as geldgieriges gestigmatiseer word, word 'n bepaalde negatiewe identiteit aan hulle as 'n groep toegeskryf. Hoe groter die gaping tussen Jode se *werklike* en *toegeskrewe* identiteite is, hoe groter sal die belewenis van stigma wees.<sup>205</sup>

Daarenteen moet die vraag ook gevra word na watter Jood en na watter gemeenskap of situasie verwys word, omdat Jode in die Diaspora so wyd oor die wêreld versprei is waar hulle vanselfsprekend in 'n groot mate by die norme van die gaskulture waarin hulle woonagtig was, geassimileer is. Daarom vra die Joodse denker, T. Deutscher, wie is die Jood eintlik? Hy redeneer dat daar baie intellektuele Jode soos hyself is, wat nie meer enige godsdienstige rites, taboes en norme respekteer en uitleef nie. Daarom verwys hy na homself as 'n "non-Jewish Jew", die etniese Jood wat die tradisies en norme van Joodsheid oorboord gegooi het.<sup>206</sup> Sartre se mening sluit hierby aan as hy tussen twee soorte Jode onderskei: Die *outentieke* Jood is een wat hom ten volle as 'n Jood in sy gemeenskap uitleef en as die "Jewish Jew" beskou kan word. Die *nie-outentieke* Jood is daardie persoon wat diep in sy hart geen respek vir sy Joodse afkoms het nie en moontlik Joodse selfhaat mag ervaar. Al wat hom aan ander Jode verbind is sy biologiese afkoms, dit onderskei hom op só 'n wyse van die *Gentiles* met wie hy sy lefwêreld deel, dat hy tog gestigmatiseerd voel.<sup>207</sup> 'n Joodse filosoof, H. Arendt, verduidelik:

As far as the Jews were concerned, the transformation of the 'crime' of Judaism into the fashionable 'vice' of Jewishness was dangerous in the extreme. Jews had been able to escape from Judaism into conversion; from Jewishness there was no escape. A crime, moreover, is met with punishment; a vice can only be exterminated.<sup>208</sup>

Vir Sartre is dit nie die Jood se verlede, sy godsdienst of sy woonplek wat van hom 'n Jood maak nie; wat Jode saamsnoer, is dat hulle in 'n "Joodse situasie" verkeer. Hulle lewe in 'n gemeenskap wat hulle as Jode definieer en met wie hulle nie graag sou wou assosieer nie. As 'n mens is hy ge-etiket as 'n Jood en kan as 'n goeie of 'n slegte Jood getipeer word, maar 'n Jood sal hy bly. In hierdie verband meld Sartre pertinent dat dit die Christene is wat die Jode

<sup>204</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 79.

<sup>205</sup> E. Goffman, *Stigma*, 1963, p. 12.

<sup>206</sup> T. Deutscher (ed.), *The non-Jewish Jew and other essays*, 1981, pp. 42-59.

<sup>207</sup> *Ibid.*, p. 93.



gedurig aan hulle Joodsheid herinner en so verhoed dat hulle in 'n *Gentile*-gemeenskap geassimileer raak.<sup>209</sup> Maar assimilasië is nie vir die outentieke Jode aanvaarbaar nie want "a real and dignified human being does not imitate anybody, does not mimick other people's culture, does not surrender to fashions, but remains faithful to himself, his upbringing, his beliefs and convictions.....Assimilation...nothing but a sickness of the spirit,"<sup>210</sup> sodat kulturele pluralisme, waar interkulturele begrip en toleransie heers, meer aanvaarbaar is. 'n Voorbeeld van 'n Transvaalse Jood wat betreklik goed by die *Gentile*-samelewing geassimileer het, was W. E. Lemondovski, wat sy moeilike van na Hollard verander het en sò eintlik sy Joodsheid probeer ontken het. Hy was in stilligheid nogtans as 'n Jood bekend.<sup>211</sup>

Wanneer navorsers Jode as objekte beskou, is hulle selde indien wel begaan oor hoe die Jode self die situasie beleef. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Jode nie objekte is nie, maar mense wat sensitief is vir die wyse waarop die *Gentiles* hulle beskou. Maar Jode kan ook nie van hulle Joodsheid ontlug deur by die *Gentile*-gemeenskap te assimileer nie want "if you forget you are a Jew a goy will remind you."<sup>212</sup> Die Jode het 'n eie sosiale filosofie wat "gave rise to their conception of man, his duty, and his destiny, which in turn defined the basic elements on which civilized living is based: justice, righteousness, freedom, and democracy."<sup>213</sup> Maar Jode is deurgaans sensitief vir die feit dat "[they] were distrusted, pitied, hunted, frustrated, often suffering humiliation, fear and deep anger at injustice."<sup>214</sup> Hierdie ervaring van diepe afkeur en onregverdigheid wat hulle belewe kan goed begryp word omdat hulle telkens die boodskap van die *Gentiles* gekry het: "Word soos ons, los julle verskille dan is julle soos ons." Dit

<sup>208</sup> H. Arendt, *The origins of totalitarianism*, 1975, p. 87.

<sup>209</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 63.

<sup>210</sup> I. B. Singer, Cultural pluralism is an answer to assimilation. In *Jewish Affairs*, September, 1976, p. 65.

<sup>211</sup> W. E. Hollard was voordat hy in die Transvaal gevestig het onder andere as Davison, Music en Lemondovsky bekend skryf A. A. Roberts, The Bar in Pretoria. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Agar-Hamilton, A. N. Pelzer en H. P. H. Behrens, (Samestellers), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die Stad Pretoria*, 1955, pp. 190-192.

<sup>212</sup> D. Vogel, The crisis of identity in American Jewish writing. In *Jewish Affairs*, August, 1972, p. 95.

<sup>213</sup> B. Kaplan, *The Jew and his family*, 1967, p. 109.

<sup>214</sup> *Ibid.*; B. Rubin, *Assimilation and its discontents*, 1995. Soos die titel aandui, lig Rubin die probleme uit wat met assimilasië gepaard gaan.

sou hulle eintlik net verkry indien hulle die Christelike doop sou aanvaar soos wat president S. J. P. Kruger telkens gepoog het om Marks van sy religieuse "dwaling" te oortuig en van hom 'n Christen te maak.<sup>215</sup> Maar in praktyk was hulle ervaring "baptism or no baptism, he was still detested as a Jew".<sup>216</sup> Wat vir Jode onverstaanbaar is, is die Christene se liefdelose en dubbelsinnige Janus-ingesteldheid wat bekering ten alle koste aanmoedig, ondanks die feit dat die Jood dit nie uit eie oortuiging sou doen nie. 'n Joodse denker, R. J. Marx, stel dit so:

How can we reconcile Christianity, a religion which preached the fatherhood of God and the brotherhood of man, with Christianity, the religion which silently sanctioned the Inquisition and the pogroms...? How can we reconcile the spirit which declared "Suffer the little children to come unto me" with the church which stood silently by ...How is it conceivable, in other words, to find in the same value system such exquisite sensitivity to the suffering of others, at the same time, such crass indifference to the destruction of people? It is, perhaps not entirely insignificant that the consequences of a theological system which preaches the notion of hell in an afterlife, should be the creation of an actual hell in this world.<sup>217</sup>

Sommige Jode se reaksie is om te wonder of hulle nie dalk werklik onaanvaarbaar "anders" is en of die *Gentiles* nie dalk reg is nie? Volgens Gilman is dit "the pernicious existence of culturally determined patterns of Otherness, applied not to individuals but to groups"<sup>218</sup> wat tot stereotipering lei en onsekerheid meebring. Dit lei dikwels tot Joodse "selfhaat" wanneer Jode hulle nie altyd met hulle Joodsheid kan vereenselwig en daarmee kan saamleef nie.<sup>219</sup> Selfhaat kom veral voor wanneer die Jode se identiteit, wat met die "Joodse beskawing" verband hou, bedreig word en gemeenskaps-integrasie ontbreek en hulle selfrespek verloor.<sup>220</sup> Sulke mense voel dat hulle nêrens inpas nie en poog dan juis om die *Gentiles* se guns te probeer wen deur hulle na te boots om so respek en aanvaarding te verkry.<sup>221</sup>

Self-haat kom nie altyd onder diskriminerende omstandighede by Jode voor nie. 'n Akademikus, A. N. Orbach, verduidelik dat die gevoel van "andersheid" by

<sup>215</sup> R. Mendelsohn, *Sammy Marks: "Uncrowned King of the Transvaal"*, 1991, p. 91.

<sup>216</sup> M. Steinberg, *The making of the modern Jew*, 1959, p. 198.

<sup>217</sup> R. J. Marx, The new anti-Semitism and the old. In *Jewish Affairs*, September 1980, p. 71.

<sup>218</sup> S. L. Gilman, *Inscribing the Other*, 1991, p. 4.

<sup>219</sup> *Ibid.*, p. 187.

<sup>220</sup> T. Deutscher (ed.), *The non-Jewish Jew and other essays*, 1981, pp. 42-59.

<sup>221</sup> *Ibid.*, p. 43.



sekere Jode ook tot die gevoel van eiewaarde aanleiding gee en wat hulle betekenisvol beleef sodat hulle trots daarop is. Dit het veral na die 1881 pogroms in Rusland tot die gevoel van Joodse nasionalisme aanleiding gegee en daartoe gelei dat die Jode na 'n nasionale identiteit gestreef het en daarop ingestel was om oor 'n eie gebied te beskik. Die stigmatisering en anti-Joodse gevoellens wat anti-Semitisme meebring, het in sulke gevalle 'n voordeel vir die Jode ingehou. Dit het deur 'n soeke na sin en betekenis tot 'n wil tot nasionalisme, ook Sionisme genoem, gelei wat later tot die totstandkoming van die moderne staat Israel, aanleiding gegee het.<sup>222</sup> Maar wat beteken dit om na "n wil tot betekenis" te strewe en hoe beïnvloed dit die belewenis van lewensgehalte?

Hoewel die Jode met die verloop van eeue dikwels verneder, vervolg en teen hulle sin geografies verskuif is, en 'n gevoel van ontheemding ("homelessness")<sup>223</sup> ervaar het, het hulle 'n sterk oorlewingswil ("will-to-live") en "n wil tot sin en betekenis" openbaar deur in 'n nuwe vreemde omgewing te vestig en wortels te vorm.<sup>224</sup> Weil verduidelik dat die mens se behoefte aan geworteldheid betekenis verkry wanneer hy 'n sterk wil om te oorlewe, openbaar. Weil onderskei tussen fisieke oorlewingsbehoeftes wat met die skepping van *welvaart* tot uiting kom en die behoeftes van die menslike siel wat met sy morele en geestelike *welzijn* verband hou, wat ewe noodsaaklik vir sy oorlewing is.<sup>225</sup> Wanneer daar 'n wanbalans in die bevrediging van hierdie twee tipes belewenisse is, word die lewe sinloos ervaar en ontstaan daar 'n gevoel van frustrasie en self-vervreemding,<sup>226</sup> wat sinloosheid of 'n eksistensiële vakuum meebring. Maar die Joodse sielkundige, V. E. Frankl, waarsku:

Sometimes the frustrated will to meaning is vicariously compensated for by a will to power, including the most primitive form of the will to power, the will to money. In other cases, the place of frustrated will to meaning is

<sup>222</sup> A. N. Orbach, *New voices of Russian Jewry*, 1980, p. 206.

<sup>223</sup> M. Steinberg, *The making of the modern Jew*, 1959, p. 168.

<sup>224</sup> V. E. Frankl, *Man's search for meaning*, 1985, p. 85; M. Steinberg, *The making of the modern Jew*, 1959, p. 314; V. E. Frankl, *The doctor and the soul*, 1986, pp. 26-62.

<sup>225</sup> S. Weil, *The need for roots*, 1995, pp. 1-38; A. K. Constanze en M. K. A. Schonk, *Leven in Lelystad*, 1980, p. 12.

<sup>226</sup> V. E. Frankl, *Man's search for meaning*, 1985, p. 109; V. E. Frankl, *The doctor and the soul*, 1986, pp. 105-116.

taken by the will to pleasure. That is why existential frustration often eventuates in sexual compensation.<sup>227</sup>

Dit beteken dat 'n gevoel van sinloosheid frustrasie kan meebring en dat "'n wil tot mag" ontstaan, waar na geld en aansien gestreef word. Daar kan ook sprake wees van "'n wil tot selfrespek" om die gevoel van eiewaarde en selfvertroue gedurende stigmatiserende omstandighede, te versterk. Die "wil tot selfrespek" kan dus as 'n behoefte van die siel beskou word wat krag verleen aan "'n wil om sinvol", ten spyte van verdrukking en verstrooiing, te oorleef. Dit is waarskynlik hierdie "wil tot selfrespek" wat een van die ideale was wat die Jode gedurende die Diaspora na die ZAR onderskraag het om 'n eie identiteit, in stand te hou. Weil waarsku egter dat behoeftes van die siel, diepgaande is en nooit met oppervlakkige selfsugtige begeertes verwar moet word nie.<sup>228</sup> Maar kan ontworteling, wat meesal met ongerief en swaarkry gepaard gaan, hoegenaamd tot die ervaring van sin en betekenis aanleiding gee? Frankl se mening hieroor is duidelik: Daar is sin in swaarkry mits die mens dit as 'n uitdaging ervaar en dit doelgerig die hoof bied. Frankl verwys na die filosoof Nietzsche se slagspreuk, naamlik dat enige mens wat 'n rede het om te leef omtrent in enige omstandighede kan oorleef en persoonlike vervulling kan ervaar.<sup>229</sup> Hierdie gedagte van Nietzsche word ook deur Kaplan onderskryf wanneer hy die psigologiese dilemma van Joodse oorlewing deur die eeue heen wil verklaar.<sup>230</sup> Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat aspekte wat met Joodseheid verband hou op verskillende wyses vertolk word sodat dit verstaanbaar is dat anti-Joodse denkers deur die eeue heen 'n "Joodse vraagstuk", geformuleer het.

## METODIEK EN BENADERING

'n Probleem vir die navorser is om 'n begrip te vorm waarom mense van Joodse afkoms, outentiek en ook nie-outentieke Jode, besluit het om na die Transvaal te verhuis en hoe dit hulle ervaring van lewensgehalte beïnvloed het. In hierdie studie is, soos Sartre aanbeveel het, mense wat in die gemeenskap as Jode

<sup>227</sup> V. E. Frankl, *Man's search for meaning*, 1985, p. 109

<sup>228</sup> S. Weil, *The need for roots*, 1995, pp. 3-38.

<sup>229</sup> V. E. Frankl, *Man's search for meaning*, 1985, p. 76.; V. E. Frankl, *The doctor and the soul*, 1986, pp. 105-116.

<sup>230</sup> B. Kaplan, *The Jew and his family*, 1967, p. 20.



beskou is, ingesluit.<sup>231</sup> Volgens 'n Suid-Afrikaanse akademikus, P. de Klerk, is dit van die grootste belang dat 'n historikus sy studie benader deur 'n reeks probleme oor die onderwerp waarvoor oplossings gevind moet word, te identifiseer.<sup>232</sup> In hierdie studie het die volgende probleme die navorser gekonfronteer om sy navorsing te inisieer:

Wie was hierdie Jode wat as "vreemde mense" van verskillende wêrelddele na Transvaal gekom het? Wat het hulle daartoe gedryf om so 'n drastiese ontwortelingsproses aan te durf? Watter ideale het hulle gekoester toe hulle dié besluit geneem het? Hoe het die Transvaalse gemeenskap die Joodse pioniers aanvaar, was hulle as "kinders van Israel of die Boek" welkom? Hoe het die Jode self hierdie ontworteling, ongemak en swaarkry beleef terwyl hulle by dié nuwe omgewing ingeskakel het? Wat was die kenmerke van die verhoudings tussen die Jode en die ander pioniers tydens hulle deelname aan die ontwikkelende Transvaalse samelewing? Watter faktore het daartoe bygedra dat sommige Jode met die aanbreek van die Anglo-Boereoorlog gekies het om by die Britse magte aan te sluit, maar 'n tweede groep besluit het om as "Boerejode" in die kommandos en Boeregemeenskappe te dien, terwyl 'n derdegroep die ZAR verlaat het en 'n vierde groep verkies het om met die owerheid se verlot in Transvaal aan te bly. Wat was hulle belewing en hulle ervaring van lewensgehalte tydens en na die afloop van die Anglo-Boereoorlog? Wanneer soveel vroeë by 'n navorser ontstaan, is hy/sy genoodsaak om te besin oor die betekenis van die Diaspora vir Jode in Transvaal.

In aansluiting hierby is dit 'n verdere mikpunt van hierdie studie om 'n begrip te vorm van die ervaring van Joodse pioniers en die aard van hulle verhoudings met ander mense in Transvaal. Daar word dus gefokus op die Jode se belewing van hulle werklikheid en die wyse waarop hulle as 'n unieke sosiale minderheidsgroep in die gemeenskappe waarin hulle hulle bevind het, geslaag het om te midde van moeilike omstandighede te oorlewe. Daarom word ingegaan op die Jode se optrede in die openbare en privaatsektore waar hulle ekonomies bedrywig was en doelgerig gepoog het om by die gemeenskap in die

<sup>231</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 67. Dié outeur wys daarop dat Jode mense is wat in hulle samelewing as Jode erken is, Jode is.

<sup>232</sup> P. de Klerk, Die probleemstelling: noodsaaklike beginpunt van historiese navorsing? In

Transvaal te integreer. Daarbenewens word aandag gegee aan die wyse waarby hulle 'n eie gemeenskapslewe tot stand gebring het waar hulle tradisionele waardes rigtinggewend was om hulle in staat te stel om hulle identiteit te behou en as 'n kultuurgroep te oorleef.<sup>233</sup> Om antwoorde op soveel probleemvrae te kry word 'n intersubjektiewe benadering gevolg, waarin die navorser poog om haar "in die skoene te stel" van die mense in die ondersoekgroep, om die situasie so objektief as moontlik te kan evalueer, begryp en beskryf.<sup>234</sup>

Omdat Jode dikwels voordat en selfs nadat hulle na Suid-Afrika geïmmigreer het om verskillende redes hulle geloof moes laat vaar, word mense van Joodse afkoms, ongeag die geloof wat hulle bely en die "andersheid" van die tradisies wat hulle handhaaf, in die studie ingesluit.<sup>235</sup> Met ander woorde, outentieke en nie-outentieke Jode in Transvaal word aan die hand van die sisteembenadering<sup>236</sup> as raamwerk bestudeer. Hiervolgens word Jode as mense met 'n eie kultuur in interaksie met ander mense in sosiale sisteme soos die ekonomie, die owerheid en binne die gasheergemeenskappe bestudeer. Hierdie perspektief word gevolg met die doel om 'n begrip te verkry van hoe Joodse pioniers in die Transvaalse gemeenskap deur saamleef met ander mense *welvaart* en *welzijn* beleef het en Anglofiliese, voorkeur vir Britte, Anglofobiese, afkeur vir Britte, "Boerefiliese", voorkeur vir Boere, of "Boerefobiese", afkeur vir Boere, in hulle verhoudingslewe met mense in Transvaal weerspieël het.

In hierdie ondersoek word 'n verskeidenheid inligtingsbronne oor die Jode se belewenis van die omstandighede in Transvaal en die vorming van menslike verhoudings tot in 1910, bestudeer. Die teikengroep se koverte ingesteldheid

*Historia*, Vol. 46 (2) November 2001, p. 411.

<sup>233</sup> Ten einde in 'n samelewing te oorleef en 'n eie identiteit te behou is dit noodsaaklik dat sosiale sisteme soos gesinne en gemeenskappe aan hierdie vereistes sal voldoen, soos R. E. Wallace and A. Woolf, *Contemporary sociological theory*, 1980, pp. 34-40 verduidelik. Kyk ook na A. F. Steyn, D. van Wyk en T. le Roux, *Die gesin: Gister en vandag*, 1987, pp. 49-100.

<sup>234</sup> P. L. Berger and T. Luckmann, *The social construction of reality*, 1966, pp. 37, 150, 207.

<sup>235</sup> M. Kaplan and M. Robertson, *Jewish roots in the South African economy*, 1986, p. 28 definieer Joodsheid vir hulle studie eerstens as 'n persoon wat 'n Joodse moeder gehad het, en tweedens 'n persoon wat as 'n Jood aanvaar is ongeag sy religieuse oortuigings, hulle verwys dus na outentieke en nie-outentieke Jode.

<sup>236</sup> R. E. Wallace and A. Woolf, *Contemporary sociological theory*, 1980, pp. 34-40. A. F. Steyn, D. van Wyk en T. le Roux (samestellers), *Die gesin: Gister en vandag*, 1987, pp.



om in 'n vreemde land te oorlewe word dikwels verberg of uit verband aangehaal sodat veralgemenings<sup>237</sup> oor hulle gedrag gevorm word byvoorbeeld, dat Jode as geldgierige kapitaliste stereotipeer word, soos die spotprente in *The Owl* aandui.<sup>238</sup> Hierdie studie maak van primêre en sekondêre bronne gebruik soos inligting in koerante, argiefstukke, briewe, herinneringsgeskrifte, biografieë en boeke oor die onderwerp beskikbaar is. Inligting wat 'n Joodse navorser, D. L. Sowden, en haar medewerkers van 1948-1952 deur middel van onderhoude ingesamel het, is deur die *SAJBD*, goedgunstiglik aan die navorser vir gebruik beskikbaar gestel.

Inligting wat uit hierdie bronne verkry word, is onderhewig aan interne en eksterne kritiek om te verseker dat dit outentiek en so geloofwaardig as moontlik is. Shafer, skryf dat eksterne kritiek met die gehalte van die dokumente verband hou en interne kritiek op die stellings en betekenis van die inhoud van die dokument fokus. Dit dien dan om die geloofwaardigheid van die bronne wat geraadpleeg word te bepaal omdat dit belangrik is om vas te stel dat die inligting eg en betroubaar is. Probleme kom soms voor dat dokumente vervals is, plagiaat gepleeg is, dat skrywers se sienings subjektief is, en dat dokumente onvolledig, onleesbaar of beskadig is.<sup>239</sup>

'n Historikus, A. Marwick, wat daarop wys dat "sociology is... 'primarily a study of what is social in history,'"<sup>240</sup> 'n sinvolle verwysingsraamwerk aan 'n kultuurhistoriese studie verleen. 'n Britse navorser, K. Plummer, is 'n voorstaander daarvan dat kwalitatiewe inligting wat in dokumente ("human documents") vervat is, die menslike aspek van die kultuurhistoriese verhaal bevorder. Sulke dokumente sluit ook briewe, dagboeke, outobiografieë, lewenssketse, opstelle, notas, filmvertonings en resultate van waarnemings in. Dit is egter die taak van die navorser om te poog om die objektiewe en subjektiewe werklikhede van die ondersoekgroep binne die bepaalde situasie

76-86; N. W. Bell and E. F. Vogel (eds.), *A Modern introduction to the Family*, 1960, pp. 13-18.

<sup>237</sup> R. J. Shafer, *A guide to historical method*, 1980, pp. 23-24.

<sup>238</sup> J. P. Sartre, *Anti-Semite and Jew*, 1965, p. 126; *The Owl*, 17 May 1904, skets die Jood as 'n geldgierige middelman wat die produsent en die verbruiker verkul.

<sup>239</sup> R. J. Shafer, *A guide to historical method*, 1980, p. 28.

<sup>240</sup> A. J. Marwick, *The nature of history*, 1989, p. 183.

waarin hulle verkeer te interpreteer, sodat 'n begrip gevorm kan word van die wyse waarop dié groep hulle sosiale werklikheid ervaar het.<sup>241</sup> Dat 'n kreatiewe verbeelding beslis 'n rol speel by die daarstelling van so 'n kultuurhistoriese fenomeen, is nie te betwyfel nie, daarom waarsku die sosioloog, C. H. Wright Mills, soos volg:

Know that the human meaning of public issues must be revealed by relating them to the problems of individual life. Know that the problems of social science, when adequately formulated, must include both troubles and issues, both biography and history, and the range of their intricate relations...the sociological imagination has its chance to make a difference in the quality of human life in our time.<sup>242</sup>

Inligting uit koerantberigte wat gedurende die negentiende eeu en tot in 1910 in Transvaal gepubliseer is, word aangewend om meer lig op die sosiale werklikheid te werp. Hierdie berigte, hoewel hulle meesal veral politieke en nie sensasioneel ingestel is nie, gee 'n interessante blik op die alledaagse leefwyse in Transvaal weer deurdat verslag oor relevante sake soos Volksraadsbedrywighede, hofsake en so meer in volle besonderhede gedoen word. Volgens die historikus, F. Braudel, wat ingestel was op "begrip" maar veral ook "verklaring" van aspekte van die mens se alledaagse leefwyse, is dit veral die sigbare gebeure wat tot betekenisgewing aanleiding gee. Braudel verwys daarna as "observable reality", daardie dinge wat 'n begrip van die materiële aspekte van die sosiale werklikheid van 'n besondere tydperk in 'n bepaalde plek, weergee. Hiervolgens behels dit die bestudering van "transparent visible realities", daardie owerste aspekte in die gemeenskap wat bydra tot die betekenisgewing van *welvaart* in die alledaagse leefwyse. Daarbenewens verwys hy ook na die die koverte kenmerke, hy noem dit die "shadowy zone" wat daardie faktore is wat met die ervaring van *welzijn* in die sosiale werklikheid verband hou. Hierdie kwalitatiewe inligting word soms moeilik uit historiese dokumente soos argiefstukke en koerante vasgestel.<sup>243</sup> Daar word derhalwe ook van publikasies, byvoorbeeld soos dié van Kaplan, Robertson, Shain en

<sup>241</sup> K. Plummer, *Documents of life*, 1983, pp. 2-6; P. L. Berger and T. Luckmann, *The social construction of reality*, 1966, pp. 37, 150, 207.

<sup>242</sup> C. W. Mills, *The sociological imagination*, 1970, pp. 247-248.

<sup>243</sup> F. Braudel, *Civilization and Capitalism 15th-18th century, Volume 1: the structures of everyday life: the limits of the possible*, 1981, p. 23.



Mendelsohn<sup>244</sup> wat op primêre data gegrond is, gebruik gemaak om leemtes wat onvermydelik in die koerante en argiefstukke voorkom, aan te vul.

Met die keuse uit koerante wat beskikbaar was as bronne vir hierdie studie, het die volgende kriteria gegeld: Dit was enersyds belangrik dat Hollandstalige koerante wat die amptelike taal van die ZAR was, ingesluit is. Dit was andersyds van net soveel belang, terwille van 'n gebalanseerde beeld, dat ook Engelstalige koerante benut sou word. Verder is dit vanselfsprekend dat beide koerante wat die regering van die dag ondersteun het as dié wat krities teenoor die regering ingestel was, geraadpleeg sou word. 'n Britse verslaggewer, J. A. Hobson, was byvoorbeeld baie krities teenoor die Engelse pers in die Transvaal, en ook anti-kapitalisties en derhalwe ook anti-Joods, ingestel. Volgens hom is die koerante soos *The Star* en regeringsgesinde koerant *The Standard and Diggers' News* deur Jode met buitelandse belange beheer sodat hy daarna as die "Yellow Press" verwys het: Dit sou beteken dat die koerante daarop ingestel sou wees om buitelandse belange te dien.<sup>245</sup>

Koerantberigte word bestudeer om aangeleenthede oor prominente Jode na te vors soos dit met betrekking tot sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele aangeleenthede gerapporteer is. Die Jode wat nie prominent is nie, is dus gewoonlik nie vermeld nie behalwe as hulle sekere landswette oortree het, soos om sonder lisensies handel te dryf. Die koerante verwys meesal na mense sonder om hulle etnisiteit aan te dui en verwys net af en toe spesifiek na Joodse bedrywighede. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die navorser vertrou met die etniese identiteit van die mense oor wie geskryf word moet wees, alvorens bepaal kan word of dit 'n Joodse aangeleentheid is al dan nie. Hierdie vereiste is moeilik om na te kom aangesien die bevolking in die Transvaal besonder heterogeen was.

Benewens die gemelde koerante is ook die volgende koerante<sup>246</sup> geraadpleeg: De *Volksstem* is 'n Hollandstalige koerant wat in 1873 onder die redakteurskap

<sup>244</sup> M. Kaplan and M. Robertson (eds.), *Founders and followers, Johannesburg Jewry 1887-1915*, 1991.

<sup>245</sup> J. A. Hobson, *The war in South Africa: Its causes and effects*, 1900, p. 217.

<sup>246</sup> Dié koerante wat op mikrofilm by die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) beskikbaar is, is bestudeer.

van J. F. Cilliers, tot stand gekom en later vir 'n tyd lank tweetalig geword het. Die koerant het president T. F. Burgers se protes teen die anneksasie van Transvaal gesteun en was dus teen die Britse bewind ingestel. Nog 'n koerant wat die regering gesteun het, was die tweetalige weekblad *De Pers/The Press* wat deur die Jood A. H. Nellmapius in 1889 in die lewe geroep is en met Jode soos B. Gluckstein en later L. Weinthal as die Engelstalige redakteurs gefunksioneer het. Hierdie koerant het meer saaklike nuusberigte bevat en hoewel dit deur Jode beheer is, was min inligting oor Jode en hulle bedrywighede ingesluit.<sup>247</sup> *Land en Volk* was 'n weekblad en het die slagspreuk dat dit 'n "geskiedkundige target" sou handhaaf, gehad. Dié koerant wat in 1888 tot stand gekom het, was uitgesproke anti-Kruger en is deur 'n *Gentile*, J. F. Meyer, gepubliseer. In Julie 1891 het *Gentiles* soos Eugene Marais en J. de Villiers Roos die koerant oorgeneem. Hulle was geesdriftige ondersteuners van die vise-president, generaal P. J. Joubert, wat Kruger telkens in verkiesings om die Staatspresidentskap teengestaan het. Van 1896 is die koerant net deur Marais uitgegee en was die titel: *Land en Volk, Waarheid, Vrijheid en Recht*,<sup>248</sup> wat die vorige beleid gehandhaaf het.

Twee Johannesburgse koerante wat geraadpleeg is, is *The Digger's News*, en *The Star*, albei Engelstalige koerante wat in 1889, tot stand gekom het. In 1890 het *The Digger's News* as *The Standard and Diggers' News* bekend gestaan, maar *The Star*, wat aanvanklik 'n middagblad was, was waarskynlik die mees prominente Engelstalige koerant in die Transvaal en was besonder krities teenoor die regering ingestel. *The Standard and Digger's News*, was 'n oggendblad wat onder die redakteurskap van Jode soos E. Mendelssohn en J. van Gelder, gefunksioneer het. Hulle het die regering gesteun, maar ook nie gehuiwer om soms kritiek teen die regering uit te spreek nie. In Pretoria het Weinthal die *Pers/Press*-groep in 1897 verlaat en *The Pretoria News*, 'n Engelstalige blad wat die regering gesteun het, in die lewe geroep. Hierdie koerante het ook hulle werksaamhede tydelik tydens die Anglo-Boereoorlog gestaak, is weer na die oorlog hervat. *The Standard and Digger's News*, het nie

<sup>247</sup> Tydens 'n steekproef van dié koerante wat by die Staatsbiblioteek bestudeer is, is besluit om eerder die ander regeringsgesteunde koerant te raadpleeg.



weer na die oorlog verskyn nie. Weinthal het in 1906 die redaksie van die *Pretoria News* ten gunste van 'n vriend van C. J. Rhodes, V. Stent, verlaat en hom in Brittanje gevestig.<sup>249</sup> Aangesien hierdie koerante nie tydens die Anglo-Boereoorlog uitgegee is nie, is *The Cape Times* en *The Owl* in hierdie tydperk ook geraadpleeg om inligting ten opsigte van Joodse vlugteling in die kusstede in te win. Relevante inligting wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria en in die Argief van die SAJBD in Johannesburg bewaar word, is ook met vrug benut.

## **UITEENSETTING EN VERLOOP VAN HIERDIE STUDIE**

In Hoofstuk 2 word aandag gegee aan die redes wat Jode gemotiveer het om na Suid-Afrika te verhuis asook aan dit wat in die begrip 'Joodse vraagstuk' vervat word. Dit is ook wenslik om te begryp waarom Joodse immigrante wat vanaf Wes- en Oos-Europa na Suid-Afrika verhuis het se tradisies onderling verskil het omdat dit hulle aanpassing in Transvaal beïnvloed het.

In Hoofstuk 3 word op die ervarings van die eerste Joodse pioniers gefokus. Hulle verhoudings met die mense in die ZAR, en die Transvaalse gemeenskap tot 1884 geniet aandag. Dié verhoudingskwessie word teen die agtergrond van dié Jode se oorlewingservaringe en hulle rol in hierdie jong staat ontleed.

In Hoofstuk 4 word dié verhoudingstema vir die tydperk 1885-1899 teen die agtergrond van onder meer die "Transvaalse Industriële of minerale Revolusie" en sommige Jode se betrokkenheid by die Nasionale Unie en die gebeure tydens die Jameson-voorval, wat tot die Anglo-Boereoorlog gelei het, behandel.

In Hoofstuk 5 word die omstandighede waarin die Jode gedurende die Anglo-Boereoorlog verkeer het ondersoek met die doel om 'n begrip te vorm van die wyse waarop hulle ook deur die oorlog geraak is.

<sup>248</sup> H. P. H. Behrens, The Pretoria press story. In S. P. Engelbrecht, J. A. I. Hagar-Hamilton, A. N. Pelzer en H. P. H. Behrens (reds.), *Pretoria (1855-1955): Geskiedenis van die stad Pretoria*, 1955 pp. 332-360.

<sup>249</sup> *Ibid.*

In Hoofstuk 6 word ingegaan op die wyse waarop die Joodse gemeenskap die uitdaging van heropbou na die oorlog aanvaar het, asook hoe versoening by die verskillende Joodse tipes te weeg gebring is.

Laastens volg daar in Hoofstuk 7 'n slotbeskouing waarin daar oor die probleemstelling, doelwitte en oorlewingsvaardighede van die Joodse pioniers in hierdie studie besin word.